



**SPORTSTERRE**  
bereik *groot*  
*hoogtes*

*Mafikeng-alumnus*  
is **SUKSESVOLLE**  
wynboer

**Visekanselier**  
*LEI internasionaal*



34

**Voorblad**

Stephan Steyn van die karateklub op die Potchefstroomkampus ontwyk spanmaat Arno van Tonder se hou.

Lees meer oor die karateklub se prestasies op p 35.

# Inhoud

## Redaksioneel


- 4 | Jan Alleman moet ook kan studeer
- 5 | Alumni laat van hulle hoor
- 6 | Boodskap van die Visekanselier
- 7 | So lyk die NWU vandag

## Artikels

- 8 | Visekanselier hou internasionaal die leisels vas
- 10 | Alumni kuier 'n hond uit 'n bos
- 11 | Mafikeng rol die rooi tapyt uit
- 12 | Dit gons oor volhoubaarheid



21



18

## Artikels

- 13 Mafikengrektor word erken
- 14 Kampusnuus
- 16 Profiel: Hy help mense om hul toekoms te skep
- 17 Profiel: Die stem van stemloses
- 18 Bedreigde bromvoëls se dae word min
- 20 Konvokasie – die lewenslyn tussen universiteit en oudstudent
- 21 Omring deur natuurskoon
- 22 Profiel: Nuus uit die wynland
- 24 Profiel: Sy is die meester van mediamonitoring
- 26 Wetenskapsentrum gee Onderwys 'n hupstoot
- 27 Profiel: Hoofekonoom weet waar geld vandaan kom



## Artikels

- 28 Volg die spoor van die alumni
- 29 'n Storie met 'n stertjie
- 30 Voorbereiding van studente staan voorop
- 32 NWU hys sy banier hoog by Comrades 2010
- 33 Spaanse gevoel huiwer steeds langs die Mooirivier
- 34 Sportsterre skyn helder





# Jan Alleman moet ook kan STUDEER

*Om aan 'n universiteit te studeer, bly 'n voorreg, maar dié voorreg is vir duisende mense deesdae 'n groter werklikheid as tevore. Dit is te danke aan pogings om toegang tot hoër onderwys uit te brei sodat verdienstelike kandidate hulself aan hoër onderwysinstellings kan bekwaam.*

**HULLE SÊ** die Al-Azhar-Universiteit in Kaïro, Egipte, was die eerste universiteit in die wêreld\* en is naastenby in dieselfde tyd as die stad Kaïro gevestig, naamlik in 969 nC.

Ons is seker nie verkeerd as ons aanvaar dat net 'n handjievol bevoorregtes destyds toegelaat is om oor dié antieke drumpel te trap nie.

Vir baie eeue was universiteitstudies immers net vir 'n uitgesoekte, elite-groep beskore – heel waarskynlik mans uit die hoër klasse van die samelewing.

Gelukkig het sake verander.

## Nou meer toeganklik

Vandag word studente in die meeste lande tot hoër onderwys toegelaat op grond van hulle vermoëns, ongeag ras, geslag of stand.

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU en Voorsitter van die Association of Commonwealth Universities sê dan ook in die artikel op p8 dat toegang tot hoër onderwys – saam met kwaliteit en befondsing – dwarsoor die wêreld in hoër onderwyskringe in die brandpunt staan.

Ook in Suid-Afrika stel universiteite verskeie maatreëls in werking om hoër onderwys meer toeganklik te maak.

## Afstandsonderrig

In sy voorwoord op p6 skryf dr Theuns dat die NWU se afstandsonderrigprogramme inderdaad so 'n poging is om die swak deelnamekoers aan hoër onderwys in Suid-Afrika te verbeter.

Vir diégene wie se omstandighede hulle nie toelaat om deur middel van voltydse kontakonderrig op 'n kampus te studeer nie, bied afstandsonderrig 'n goeie oplossing.

Nog iets wat universiteitstudies meer toeganklik kan maak vir voornemende studente, is die sogenaamde 'voorbereidingskollege' wat die NWU oorweeg. Lees gerus meer hieroor in die artikel op p30 en 31.

## Hulp vir dié wat sukkel

Dit help egter veel dat 'n universiteit tersiêre onderrig meer toeganklik maak en dan op sy louere rus, terwyl eerstejaars sukkel om by die eise van universiteitstudies aan te pas.

Om hierdie scenario te vermy, gaan die NWU uit sy pad om akademiese geletterdheid onder veral eerstejaars te ontwikkel. (Ook hieroor meer in die artikel op p30 en 31).

Dit bly inspirerend om te sien hoe studente van hul eerste jaar af tot aan die einde van hul studiejare ontwikkel tot afgeronde graduandi en diplomandi, gereed om 'n bydrae in hul gemeenskappe en in die land te lewer.

## Hul gemeenskappe baat

Verskeie alumni is op 8 Oktober vereer vir hul bydraes toe hulle tydens die glansgeleentheid waarmee die Mafikengkampus hul 30 jaar-vieringe afgesluit het, Luiperd-toekennings ontvang het. Op p11 kan julle meer hieroor lees.

Die jaar 2010 staan nou einde se kant toe. Ons hoop dat dit – soos vir die NWU – vir julle ook 'n goeie jaar was. Mag die feesseisoen wat voorlê groot vrede en vreugde inhou en mag 2011 onvergeetlik wees.

Tot volgende jaar,



## Vinnige feite

\* Die Qarawiyin-Moskee in Fez, Morokko, maak daarop aanspraak dat hulle die oudste universiteit in die wêreld is. Volgens ander bronne is die Nalanda- en die Takshashila-Universiteit, albei antieke instellings in Indië, nog ouer.

Die oudste universiteit in Europa is in 1088 in Bologna, Noord-Italië gevestig. Die VSA se oudste universiteit is Harvard, wat in Cambridge, Massachusetts, in 1636 geopen is.

**Redaksionele span:** Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Elmarie Cronje, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse.

**Vertaling:** Willie Cloete, Carien Brits, Marietjie Delpport, Wilna Liebenberg.

**Bladuitleg en drukwerk:** Infoworks, Klerksdorp.

**Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemse.

**Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht - Tel (018) 299 4937 Faks (018) 299 4938.

NWU + U word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.

# Alumni laat van hulle hoor

*Ons het weer 'n klompie briewe van alumni van die NWU ontvang.  
Ons deel graag van hulle met ons lesers.*

Baie dankie vir die nuwe alumni-tydskrif met die interessante briewekolom en die artikels wat getuig van veranderende tye. Ek sien Mauryn du Toit (Bouwer) is my 'n paar jaar voor, maar miskien kan ek een en ander vertel oor die ou dae.

Ek vermoed ek is die heel eerste Campbell wat 'voet aan wal gesit' het op die kampus van die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Ek, James Campbell (BSc, 1943-1945), het drie jaar lank in die Alabama Boere-orke gespeel, en omdat ek saam met die orke begin het, het Johan van Rensburg aan my die eretitel van stigterslid toegeken.

Ek was 16 jaar oud en het drie jaar lank o.19-rugby gespeel, maar eers in my derde jaar die A-span gehaal. Ek was een van die eerste demonstateurs wat vir Fisika 1 prakties aangestel is.

Ek was ook die eerste hoof van die eerstejaarskoshuis, Spelonke.

Nadat ek my onderwysdiploma op Stellenbosch voltooi het, het ek skoolgehou in Kaapstad, Calitzdorp, Maclear en Middelburg en was ek skoolhoof op Prieska en Worcester. Later was ek Inspekteur van Onderwys in King Williams Town en Kaapstad, en laastens Hoofsuperintendent van Onderwys van die Noord-Kaap streek.

Ná my was daar verskeie Campbells wat aan die PU vir CHO studeer het:

- Donald Campbell (BScHons Geologie, 1948) was die eerste student wat hierdie kursus in vier jaar kon voltooi.
- Ailisa Campbell (BSc, 1971) het in die Universiteitskoor onder leiding van prof Pieter De Villiers gesing.
- Quentin Peter Campbell (BSc Aptekerswese, 1978), was James se broerskind en 'n kranige rugbyspeler wat in 1981 vir Wes-Transvaal gespeel het.
- Quentin Peter Campbell, seun van Donald, begin in 1991 as lektor in Chemiese Ingenieurswese, behaal sy doktorsgraad en word medeprofessor en hoof van die Departement Chemiese Ingenieurswese. Hy was ook 'n Senaatslid van die Universiteit. Sy dogters, Karin Campbell, (BSc Dieetkunde, 2007) en Christie Campbell, (BSc Chemiese Ingenieurswese, 2010) studeer ook aan die NWU.

*– James Campbell, Mosselbaai*

Skrif gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind, hoe dit met jul loopbane gaan, of skryf sommer oor ditjies en datjies wat julle na aan die hart lê. Stuur julle briewe na [nelia.engelbrecht@nwu.ac.za](mailto:nelia.engelbrecht@nwu.ac.za) of faks dit na (018) 299 4938 of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520. Ons hoor graag van julle!

Die voorkoms van die alumni-tydskrif is wonderlik. As alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys – nou die Noordwes-Universiteit – behou ek graag kontak met dié instelling.

*– Dr Mwaya Wa Kitavi, Nairobi, Kenia*

Dankie vir 'n fantastiese tydskrif!

*– Dr PF de Wet,  
Lichtenburg*

Dankie vir die eer dat ek as alumnus weer 'n uitgawe van julle kon ontvang. Ek het elke woord gelees.

Die dinamika van die NWU is inspirerend en as oudtokkelok het ek groot waardering vir die Totius-beeld wat 'n erestaanplek op die Potchefstroomkampus kon kry.

Dankie vir die groot werk wat julle doen en sterkte met elke uitgawe.

*– Dr Pieter Heystek, Montanapoort, Pretoria*



# Boodskap van die VISEKANSELIER

## BESTE ALUMNUS

2010 is nou in die pylvak en ons kan terugkyk op 'n goeie en uitdagende jaar.

Twee van ons kampusse, Potchefstroom en Vaaldriehoek, het nuwe kampusrektore gekry en die Mafikengkampus het in Oktober hul dertigste bestaansjaar gevier.

Tydens die Sokkerwêreldbeker-toernooi het die Spaanse sokkerspan – wat die toernooi gewen het – ook die fasiliteite op die Potchefstroomkampus as hul basiskamp gebruik.

Betreffende die studente-inskrywings vir hierdie jaar, kon ons op al die kampusse voortbou op die positiewe groeitendens van die afgelope jare.

Dit is belangrik om te noem dat die Potchefstroomkampus steeds 'n bestendige groeipatroon handhaaf, maar dat dit veral Mafikeng en Vaaldriehoek is wat sterk gegroei het.

Die volgende tabel gee 'n oog-opslagbeeld van 2010 se studente-inskrywings:

2010 se eerstejaarsgetalle	
Mafikengkampus	2 010
Potchefstroomkampus	3 610
Vaaldriehoekkampus	1 200
NWU totale aantal nuwelingsinskrywings	6 820

Vir 2010 en 2011 is daar groot infrastruktuurontwikkelings op al die kampusse aan die gang. Dit behels 'n totale belegging van meer as R270 miljoen.

### Weer gewen

Ons het in die vorige uitgawe berig dat die NWU van 2007 tot 2009 vir drie agtereenvolgende jare die PricewaterhouseCoopers se eerste prys vir Korporatiewe Bestuur in Hoër Onderwys gekry het.

Ons is nou dankbaar om te berig dat ons ook vir 2010 die eerste prys vir die korporatief besbestuurde universiteit in Suid-Afrika ontvang het.

Die Institusionele Bestuur het onlangs 'n aantal toekomstige uitdaginge vir die NWU geïdentifiseer en aksieplanne vir die realisering hiervan uitgestippel.

Een hiervan is die moontlikheid om die Universiteit se afstandsprogramme uit te brei en te rig op die groeiende volwasseler-mark.

### Afstandsonderrig brei uit

Ten opsigte van bogenoemde doelwit mag dit vir u interessant wees om te weet dat die NWU, benewens UNISA, die grootste voorsiener van afstandsonderrigprogramme in Suid-Afrika is.

Ons het in 2009 amper 24 000 ingeskrewe afstandsléerstudente gehad en meer as 6 000 diplomas en grade toegeken. Daarby het die afgelope drie jaar se internasionale kwaliteitsoudits getoon dat die NWU se afkampusprogramme baie gunstig met die beste soortgelyke programme in die wêreld vergelyk.

Ons glo dat afstandsonderrig 'n sleutelrol kan speel om die swak deelnamekoers aan hoër onderwys in Suid-Afrika (tans 'n skamele 5% tot 6% volgens regeringsaanduidings) te verbeter en om toegang tot en sukses in hoër onderwys te verhoog.

Ek is daarvan oortuig dat die NWU met sy afstandsonderrig 'n substansiële bydrae tot die oplossing van nasionale onderwysuitdagings kan bied.

Ons onderneem om u op hoogte te hou van die vordering wat ons in hierdie verband maak.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en lojaliteit teenoor die NWU!

Vriendelike groete,

*Thems Cloff*





# So lyk die NWU vandag

VAN ONS ALUMNI het dalk 'n idee van hoe die onderskeie kampusse se syfers en statistieke lyk, maar die groter prentjie van die NWU is dalk nie so bekend nie.

Die statistieke hieronder skilder 'n prentjie van die NWU as instelling wat – op soliede waardes gegrond – na veelsydige uitnemendheid streef.

## GEGRADUEERDES VOLGENS BELANGRIKSTE STUDIERIGTINGS

	2007		2008		2009	
Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie	1 974	17%	2 069	16%	2 514	19%
Besigheid/ Bestuur	1 446	13%	1 302	11%	1 319	10%
Opvoedkunde	5 685	50%	6 506	53%	6 884	51%
Ander geesteswetenskappe	2 240	20%	2 460	20%	2 728	20%
<b>TOTAAL</b>	<b>11 345</b>		<b>12 337</b>		<b>13 445</b>	



## NWU pryk tussen voorste universiteite

DIE NWU HET die tweedegrootste getal afstandstudente en die hoogste graderingskoers in 2008 gehad en het in dié jaar die dertiemeeste grade en diplomas in Suid-Afrika toegeken.


Dié spogsyfers wat vroeër vanjaar deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding bekend gemaak is,\* plaas die Universiteit tussen die voorste hoërondwysinstellings in Suid-Afrika.

So vergelyk die NWU met die ander 22 hoërondwysinstellings in Suid-Afrika:


- In 2008 was die NWU die vierdegrootste universiteit in Suid-Afrika op grond van die totale studente-inskrywings, naamlik 47 008. Wat afstandstudente betref, was die NWU die tweedegrootste in SA.

	Totale studente-inskrywings	Kontak	Afstand
UNISA	261 927	633	261 294
UP	53 106	39 167	13 939
TUT	51 613	49 195	2 418
<b>NWU</b>	<b>47 008</b>	<b>25 740</b>	<b>21 268</b>
UJ	44 456	44 456	0
UKZN	37 188	30 341	6 847
KSUT	29 367	29 307	60

- Wat graderingskoerse betref, dit wil sê die getal grade as persentasie van die totale koppelstelling, was die NWU met 25% eerste in die hoërondwyssektor.



- Die NWU het die dertiemeeste grade en diplomas toegeken.



**Akronieme:** KSUT – Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie; SUT – Sentrale Universiteit van Tegnologie; NWU – Noordwes-Universiteit; Rhodes – Rhodes Universiteit; TUT – Tshwane Universiteit van Tegnologie; UJ – Universiteit van Johannesburg; UNISA – Universiteit van Suid-Afrika; UP – Universiteit van Pretoria; UKZN – Universiteit van KwaZulu-Natal.

\*Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding maak elke jaar twee jaar gelede se syfers bekend.

# *Visekanselier* hou internasionaal die LEISELS VAS



Dr Theuns Eloff spreek lede van die Association of Commonwealth Universities (ACU) toe tydens 'n konferensie wat by die Hyderabad-Universiteit in Indië in 2008 gehou is. Dr Theuns is tans Voorsitter van die ACU.

**DR THEUNS ELOFF**, Visekanselier van die NWU, staan aan die hoof van 'n internasionale organisasie waaraan 500 universiteite van Statebondslande behoort.

Hy is in Julie verlede jaar as Voorsitter van dié organisasie, bekend as die Association of Commonwealth Universities (ACU), aangewys.

Dr Theuns se posisie hou verskeie voordele vir die NWU in. Leiers van universiteite dwarsoor die wêreld neem byvoorbeeld kennis van die NWU en op dié manier word die Universiteit se invloedseer vergroot.

Volgens dr Theuns is dit vir hom ook baie interessant om met die topleiers in hoër onderwys skouer te skuur en

gesprek te voer. Dié interaksie het al menigmaal tot nuwe samewerking met oorsese universiteite gelei.

'n Voorbeeld hiervan is die nuwe bande wat gesmee is tussen die NWU en die twee Australiese universiteite, die Universiteit van Newcastle en die Universiteit van Adelaide.

### **Kwessies in die brandpunt**

Dr Theuns se voorsitterskap bring ook mee dat hy op hoogte bly van hoëronderwyskwessies wat dwarsoor die wêreld in die brandpunt staan, byvoorbeeld befondsing, toegang en kwaliteit.

"Terwyl staatsubsidies vir Suid-Afrikaanse universiteite darem nog

elke jaar 'n bietjie toegeneem het, is daar universiteite in byvoorbeeld Engeland en Australië wat nou tot 10% minder subsidie van hul regeerings kry as in die verlede," sê dr Theuns.

Die tema van die ACU-kongres wat vir 2011 beplan word, *Higher Education in difficult times*, weerspieël juis die instellings se besorgdheid oor hierdie saak.

Nog 'n kwessie wat deesdae wêreldwyd aandag geniet in hoëronderwyskringe, is toegang vir studente.

"Universiteite probeer voortdurend om hoër onderwys meer toeganklik te maak vir studente uit



veral laerinkomste- en minderheids-groepe. Dit doen hulle deur byvoorbeeld oorbruggingskursusse en afstandsprogramme aan te bied.”

### 'n Klippie in die skoën

Kwaliteit, en die vraag wat 'n universiteit 'n goeie instelling maak, kom ook wêreldwyd onder die soeklig. Volgens dr Theuns is daar al hoe meer kritiek teen wêreldranglyste vir universiteite.

“Volgens dié tipe gradering is die Universiteit van Kaapstad die enigste Suid-Afrikaanse universiteit tussen die toptweehonderd universiteite

ter wêreld. Dit is omdat navorsing hoofsaaklik as kriteria gebruik word, terwyl onderrig-leer in dié verband nie werklik sy regmatige plek kry nie,” sê dr Theuns.

Nog iets wat deesdae vir universiteite belangrik is, is hoe om tegnologie effektief in te span om te verseker dat die kwaliteit van afstandsonderrig net so goed is as dié van kontakonderrig.

“Afstandsonderrig word al hoe belangriker, aangesien kontakonderrig 'n luukse is wat al hoe minder studente in die toekoms beskore gaan wees,” sê dr Theuns.

Dr Theuns se termyn as Voorsitter van die ACU verstryk in April 2011.

Die bepalings vir die samestelling van die ACU-raad het onlangs verander. In plaas daarvan dat die verteenwoordigers op die Raad verkies word uit die nasionale hoërondwysliggame van lidlande, sal individue voortaan as verteenwoordigers verkies kan word.

In die lig hiervan is dit moontlik dat dr Theuns in die oorgangstydperk – terwyl die nuwe riglyne in werking gestel word – vir 'n verdere termyn as Voorsitter van die ACU verkies kan word.

## Spieëltjie, spieëltjie aan die wand...

### So vergelyk die NWU

Die NWU & U het vir dr Theuns Eloff, Visekanselier, gevra hoe die NWU met ander universiteite in die ACU vergelyk. Hier is sy antwoorde:

- **Ons bestuursmodel:** Die NWU se bestuursmodel van 'n Institusionele Kantoor plus drie volwaardige kampusse met 'n rektor elk is uniek in die ACU-omgewing. Die meeste multikampus-universiteite in die wêreld het 'n model waar gesag in 'n 'hoofkampus' gesentraliseer is.

- **Ons kampusse:** Die meeste multikampus-universiteite se kampusse was oorspronklik afleweringpunte vir akademiese programme wat mettertyd in satellietkampusse ontwikkel het. Daarenteen was die NWU se kampusse voor die samesmelting in 2004 kampusse van volwaardige universiteite.
- **Ons grootte:** Wat kontakstudente betref, is die NWU gemiddeld in vergelyking met die ander universiteite in die ACU, maar wanneer

die afstandstudente bygetel word, is die NWU tussen die 10% grootstes.

- **Ons taalbeleid:** Die NWU se taalbeleid is heeltemal uniek. Die meeste ACU-universiteite is eentalig – feitlik almal is Engels as gevolg van die koloniale agtergrond van die Statebondslende. Daarenteen het die NWU 'n funksionele meertaligheidsbeleid, wat op verskillende maniere voorsiening maak vir Engels, Afrikaans en Setswana.

Regs: Dr Theuns Eloff (middel), Voorsitter van die Association of Commonwealth Universities (ACU), woon 'n ACU-konferensie vir uitvoerende hoofde in 2010 in Kaapstad by. By hom is Adjunkpresident Kgalema Motlanthe en me Naledi Pandor, Minister van Wetenskap en Tegnologie.





## Vaaldriehoek beplan vir 2011

Die alumni-kantoor van die Vaaldriehoek-kampus, met me Alwine Naudé aan die stuur, beplan groot pret vir hulle alumni vir volgende jaar. Hou gerus die NWU & U dop om te sien wat hulle in die mou voer.

Links: Tydens die saamtrek in George is van links mnr PF van der Schyff, en sy vrou, me Elrinda van der Schyff, prof Herman van Schalkwyk, Rektor van die Potchefstroomkampus, en me Yolandi Yssel van die alumni-kantoor.

# Alumni kuier 'n hond uit 'n bos

**ALUMNI VAN** die Potchefstroomkampus het vanjaar al lekker gekuier – van die Wes-Kaap af tot in Londen.

Op 21 Julie het die Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk, sowat 140 alumni, skoolhoofde en ouers in George ontmoet en sy visie vir die Kampus met hulle gedeel.

Die volgende dag het Stellenbosch se alumni aan die beurt gekom.

Dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, het hulle vertel van die NWU se prestasies en ook van die suksesvolle verblyf van die Spaanse sokkerspan in die NWU se Sports Village tydens die wêreldbeker-toernooi.

In Augustus en September het drie manskoshuise reünies gehou. Caput se alumni het van 20 tot 22 Augustus verskeie honde uit verskeie bosse gekuier, terwyl Ratau en Hombré se manne van 10 tot 12 September makietie gehou het.

### Londense kuier

Die alumni wat oor die water woon, is darem nie vergeet nie. Op 30 Septem-

ber het 55 oudstude in Londen glasies, gevul met Suid-Afrikaanse wyn, geklink. Behalwe prof Herman en dr Theuns, was me Yolandi Yssel en me Elizna Burger van die alumni-kantoor ook onder die NWU-personeel wat dié funksie bygewoon het.

Dr Theuns het die gaste oor die huidige stand van sake by die NWU toegesprek en prof Herman het hulle van die verwickelinge op die Potchefstroomkampus vertel.

Dr Theuns het gesê dit is vir die Universiteit belangrik om kontak met oudstude te behou.

“Die Universiteit se oudstude is ons grootste ambassadeurs en hulle sukses is ook ‘n bewys van die NWU se kwaliteit en uitnemendheid.”

Die rektore van die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus het ook saamgekuier en vrae beantwoord.

Die reünie word so gereël dat dit saamval met die jaarlikse gradeplegtigheid in Londen.

Op 21 Oktober was dit vir die vertrekkende stude van die Potchefstroomkampus ‘n laaste saamkuier as stude en ‘n eerste

kuier as ‘alumni in wording’. Tydens dié geleentheid by die Visekanselier se huis het prof Herman die stude se aandag gevestig op die belangrike rol wat alumni in die bestaan van ‘n universiteit speel.

### Nog glad nie koud nie

Op 26 Oktober het die 1960-eerstejaars van die Potchefstroomkampus bewys dat die spreekwoord ‘oud maar nog nie koud nie’ onteenseglik waar is toe hulle op die Kampus saamgetrek het om oor toeka se tyd te praat.

So teen die afdraande van die jaar, op 17 November, sal Namibië se oudstude in Windhoek hul jaarlikse alumni-jolyt geniet en op 23 November sal die alumni wat deesdae dominees is, in Johannesburg reünie hou.

Laasgenoemde byeenkoms is deel van ‘n projek van die Alumni-kantoor om bepaalde belangegroepes te teiken. As deel van dié projek het die geoktrooierde rekenmeesters byvoorbeeld reeds vroeër vanjaar aan die beurt gekom.

# Mafikeng rol die *rooi tapyt* uit

**ALUMNI VAN** die Mafikengkampus het in die tweede helfte van die jaar in die verre Mmapumalanga byeengekom, en toe soos 'n leërskaer van ouds op die Kampus saamgetrek vir 'n 'home coming' uit die boonste rakke.

Eers, op 30 Julie 2010, het sowat 35 alumni die winterkoue van die res van die land vir 'n wyle ontsnap toe hulle in Nelspruit bymekaar gekom het vir 'n geselligheid by die Sheppard Boutique-hotel.

Tydens dié geleentheid het alumni en lede van die Universiteit se Bemaking en Kommunikasie-afdeling koppe bymekaar gesit oor loopbaanondersteuning vir werklose alumni.

“Ons het waardevolle kontakte opgebou en ontvang nou gereeld poste vanuit die provinsie om op ons webblad vir vakante betrekkinge te adverteer,” sê me Susan van Rooyen van die alumni-kantoor op die Mafikengkampus.

## Rooi tapyt

En toe, op 8 Oktober, het die Mafikengkampus behoorlik die rooi tapyt vir sowat 500 alumni uitgerol met 'n "Alumni Home Coming"-dinee op die Kampus. Dié rekordgetal alumni het van heinde en verre gekom om deel te wees van die glansryke afsluiting van die Kampus se 30 jaar-vieringe.

Tydens die geleentheid het dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, gesê die vieringe is 'n huldeblyk aan die bydraes van gewone mense van die Noordwes-provinsie.

Prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengkampus, het gesê volgens 'n ou Setswana-vertelling bring dit geluk wanneer 'n mens terugkeer na die plek van jou herkoms om jou voetspore weer op jou tuisgrond te laat.

Prof Dan het tydens die gala-aand Luiperd-toekennings aan verskeie alumni oorhandig.

Hulle het die toekennings ontvang as erkenning vir die bydrae wat hulle in hul gemeenskappe lewer, en vir dit wat hulle tot die ontwikkeling van die Universiteit bygedra het.

Alumni wat aan die einde van die aand met dié gesogte beeldjies huis toe is, is die volgende:



Dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier (middel), saam met mnr Joel Mahila (links) en dr John Tau (regs), wat albei Luiperd-toekennings ontvang het tydens die alumni-byeenkoms.



Van die alumni wat die spogdinee op die Mafikengkampus bygewoon het, is agter van links mnr Thabiso Molebatsi, mnr Selemo Maleke en mnr Goitsemodimo Makabane. Voor van links is me Portia Makabane en me Susan Maleke.

- **Mnr Sebastian Joel Mahila en dr John Tau** – Hulle was van die stigterslede van die Universiteit van Bophuthatswana en het die Universiteit gedien as lede van verskeie rade en komitees.
  - **Regter Yvonne Mokgoro** – Alumnus: voormalige Universiteit van Bophuthatswana (BJuris, 1982 en LLB, 1987) en dosent: Fakulteit Regte, tot in 1991. Tans: Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Regskommissie en 'n regter van die Konstitusionele Hof.
  - **Me Naledi Pandor** – Dosent : Engels, 1986 – 1989, Universiteit van Bophuthatswana. Tans: Minister van Wetenskap en Tegnologie.
  - **Mnr Rex Rabanye** – Alumnus: Universiteit van Bophuthatswana. Daarna: prokureur en bekende musikant.
  - **Mnr Gaba Tabane** – Alumnus: Universiteit van Bophuthatswana en later die Universiteit van Noordwes (BCom, 1994 en BComHons, 1996). Dosent: 1996 - 1999. Tans: Direkteur by Deloitte.
- Die kampuskoor, 'n digter en 'n tradisionele dansgroep het verder luister aan die aand verleen.



# Dit *gons* oor VOLHOUBAARHEID

**DIE PLANEET AARDE** is in die moeilikheid. Dit besef 'n mens terdeë wanneer jy van probleme soos die groter wordende gat in die osoonlaag en aardverwarming hoor.

Geen wonder dus dat volhoubaarheid een van die gewildste gonswoorde in die wêreld geword het nie.

Ook by die NWU is volhoubaarheid deesdae hoog op die agenda. Die Universiteit moet so bestuur word dat dit volhoubaar is – dit moet as't ware gekoester word vir die komende geslagte.

Dit geld vir sy eie hulpbronne – byvoorbeeld mannekrag en finansies – maar ook vir die manier waarop die Universiteit met die hulpbronne van die aarde omgaan.

## Eerste in die wêreld

In pas met sy innoverende aard kan die NWU dan ook die eerste universiteit ter wêreld word wat voldoen aan dieselfde wetlike vereistes vir volhoubaarheid as dié waaraan besighede moet voldoen.

Volgens me Bibi Bouwman, Direkteur: Gemeenskapsverbintenis, is dit

## Waaroor gaan volhoubaarheid?

Dit gaan oor 'n instelling se ekonomiese, omgewings- en sosiale impak. 'n Onderneming wat net op finansiële uitsette let en nie ook die mense-dinamika en impak op die omgewing in ag neem en bestuur nie, is nie volhoubaar nie.

Volhoubare ontwikkeling kan ook beskryf word as ontwikkeling wat aan die behoeftes van die hede beantwoord sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om in hul eie behoeftes te voorsien, in gedrang te bring.

belangrik dat die NWU op hoogte van hierdie wetlike vereistes moet wees, veral wanneer die Universiteit saam met besighede by gemeenskapsprojekte betrokke raak.

## So help ons

“Sakeondernemings word verplig om 'n persentasie van hul winste vir gemeenskapsontwikkeling aan te wend.

“Hulle het egter nie altyd die mannekrag om hierdie geld en projekte te bestuur nie, en hier kan die Universiteit 'n belangrike rol speel.

“Ons kan hulle geld met ons kundigheid kombineer om **volhoubare** gemeenskapsprojekte te loods. Boonop kan ons studente ook

daarby betrokke raak en so diens lewer en waardevolle praktiese ondervinding opdoen.”

## So moet ons rapporteer

“Rapportering oor volhoubaarheid word deesdae wêreldwyd baie belangrik geag. In Suid-Afrika doen die King III-verslag 'n beroep op instellings om geïntegreerd te rapporteer oor volhoubaarheid. Dit is ook sedert Junie 2010 'n vereiste vir maatskappye wat op die Johannesburgse Aandeelmark wil noteer.

“By die NWU beoog ons om volledig te rapporteer oor ons ekonomiese, omgewings- en sosiale volhoubaarheid,” sê Bibi.



Me Bibi Bouwman, Direkteur: Gemeenskapsverbintenis, saam met die aanbieder van 'n werkwinkel oor volhoubaarheid, me Reana Rossouw van Next Generation Consultants.

## So baat ons

'n Groter bewussyn van volhoubaarheid hou vir die NWU verskeie voordele in.

As die Universiteit ten volle aan die vereistes van volhoubaarheid voldoen, sal die instelling byvoorbeeld in hierdie opsig wêreldwyd die toon aangee.

Dit is ook 'n manier om proaktief te wees. “Dit wil lyk of besighede in die toekoms skenkings en beurse vir universiteite afhanklik gaan maak van die instellings se koolstofvoetspoor en die mate waarin hulle aan die vereistes van volhoubaarheid voldoen,” sê Bibi.

Sy glo ook die Universiteit behoort deur sy voorbeeld die waarde van volhoubaarheid by sy studente – wat die toekomstige leiers in die sakewêreld, industrie en regering is – tuis te bring.

# Mafikengrektor word erken

**PROF DAN KGWADI**, Rektor van die Mafikengkampus is 'n man van vele talente en iemand wat nie skroom om 'n uitdaging aan te pak nie.

Prof Dan het dan ook onlangs 'n eredoktorsgraad in Bestuur van die Hanseo-Universiteit in Suid-Korea ontvang. Dié graad is toegeken vir sy bydrae tot die bestuur en verbetering van studente se lewens op die Mafikengkampus.

Prof Dan help graag studente om toegang tot befondsing te kry en offer dikwels sy tyd op om studente met hul studies te help. Hy het juis hierdie jaar op 'n hoë noot begin deur sy hulp aan te bied en lesings in Fisika regdeur die jaar aan eerstejaarstudente te gee.

Tydens die ontvangs van sy graad het prof Dan sy dankbaarheid teenoor die bestuur, personeel en studente asook sy familie uitgespreek.

Hy het ook onderneem om nog 'n student van 'n minderbevoorregte agtergrond te borg om sodoende sy of haar studies voort te sit.

## Lid van Umalusi

Hierbenewens is prof Dan ook onlangs benoem as lid van die derde Umalusi-Raad vir Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding. Hy sal vir 'n termyn van vier jaar op die Raad dien, van Junie 2010 tot Junie 2014.

Die Umalusi-Raad stel en monitor standaarde vir algemene en verdere onderwys en opleiding in Suid-Afrika – ingevolge die Wet op Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding van 2001. Die Raad word gerig deur artikel 58 van hierdie wet, en die lede word aangestel deur die Minister van Basiese Onderwys, me Angie Motshekga.

Die Raad is tans verantwoordelik vir die sertifisering van die volgende kwalifikasies in algemene en verdere onderwys en opleiding: Senior Sertifikaat, Nasionale Senior Sertifikaat, Nasionale Tegnieuse Sertifikaat, en Nasionale Beroeps- en Algemene Onderwys en Opleiding-sertifikaat.



Prof Dan Kgwadi is 'n man van vele talente.

## Meer oor prof Dan:

**Hoogste kwalifikasie:** Ek het 'n PhD in Fisika met subspesialisering in Onderwysersopleiding wat ek in 2002 aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) behaal het.

**Gunstelingkos:** Enige iets vars uit die aarde – ek is 'n vegetariër.

**Gunstelingboek/-film:** The Great Controversy deur Ellen G White.

**Dit maak my gelukkig:** Om goed saam met my kinders te doen en tyd met my familie deur te bring.

**Wat ek van mense waardeer:** Dankbaarheid.

**My hoop vir die SA-samelewing:** Wilskrag om dit teen alle verwagtinge in te maak.

**Bekende persoon met wie ek graag sal wil gesels:** "Batho Cada" Cadaboy DJ by Lesedi FM Radio – sy passie vir werk en die manier waarop hy die jeug inspireer, beïndruk my.

**Wat ek doen vir ontspanning:** Huiswerk, renovasie en kook.

**My gesin:** My vrou se naam is Mabel en my dogter se naam is Ofentse. Ander lede van die uitgebreide gesin is Sello en Oageng.

# PROF KELLNER neem die *voortou*

**PROF KLAUS KELLNER** van Plantkunde op die Potchefstroomkampus neem internasionaal die voortou in die bekamping van grondagteruitgang en verwoestyning wêreldwyd.

Prof Klaus is verlede jaar tot voorsitter van 'n internasionale komitee vir wetenskap en tegnologie van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die bekamping van verwoestyning verkies. Hy verteenwoordig die hele Afrika-kontinent in die komitee wat uit slegs vyf lede van oor die wêreld heen bestaan.

Volgens prof Klaus verwys verwoestyning na grondagteruitgang (soos bv. gronderosie deur wind of water) wat oor die langtermyn toeneem.

Hy sê dat Suid-Afrika 'n vrugbare studiegebied vir grondagteruitgang is, omdat ons land grootliks uit droë gebiede bestaan waar die reënval minder as 500 mm per jaar is.

“Weens ekonomiese druk vernietig mense die natuurlike hulpbronne

Regs: Prof Klaus Kellner is 'n erkende omgewingskenner en neem die leiding in die bekamping van grondagteruitgang en verwoestyning.

omdat hulle te veel daarop moet steun vir oorlewing.

“Groot gebiede in Suider-Afrika en Afrika is ook afhanklik van natuurlike weiding vir diereproduksie,” sê hy.

Prof Klaus is betrokke by verskeie internasionale navorsingsprojekte in veral die Noord-Kaap, Noordwes en ander droë grasveld- en savannegebiede in Suider-Afrika om te bepaal wat grondagteruitgang veroorsaak, wat die impak daarvan is en hoe dit bekamp kan word.



Foto: Susan Cilliers, Beeld

## Kampus kry geld vir *katalisatorinisiatief*

**DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS** het onlangs 'n toekening ter waarde van \$150 000 (Amerikaanse dollar) ontvang om deel te neem aan Hewlett Packard (HP) se katalisatorinisiatief.

Dit is 'n maatskaplike innoveringsprogram om wêreldwyd doeltreffender benaderings tot wetenskap-, tegnologie-, ingenieurswese- en wiskunde-onderrig (STEM – Science, Technology, Engineering and Math) te ontwikkel.

Die navorsers op dié kampus sal voorts op 'n projek getitel “Die gebruik van masjienleer om studenteleer te meet”, fokus.

“Die Vaaldriehoekkampus het 'n unieke mengsel studente, en die HP-katalisatorinisiatief sal daartoe bydra om ons te help om 'n gebalanseerde

onderrig-leer- en navorsingsinstelling te word, wat ons in ons streek relevant sal maak, en in ons nasionale behoeftes sal voorsien,” sê prof Herman van der Merwe, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.

HP is 'n tegnologiemaatskappy wat in meer as 170 lande ter wêreld bedrywig is.

Die doelwit van die katalisatorinisiatief is om internasionale samewerkende groepe te skep.

Dié groepe sal ondersoek instel na die toekoms van STEM-onderrig en hoe studente hul vindingrykheid kan gebruik om uitdagings in hul gemeenskappe en regoor die wêreld die hoof te bied.

## Hy leef sy droom uit

**KEGOIKANTSE** “Machesa” Kgomo leef sy droom uit, en kombineer suksesvolle akademiese studies met sokker om 'n vervullende loopbaan vir homself by die NWU sowel as in die sportontwikkelingsbedryf uit te kerf.

Kegoikantse, 'n sokkerafrigter op die Mafikengkampus, is een van die Sokkerinstituut se eerste ontvangers van 'n Diploma in Sportwetenskap.

Hy beskik ook oor 'n Vlak Twee-afrigtingkwalifikasie van die Engelse Voetbalvereniging.

Kegoikantse wil dié teoretiese kennis nou prakties toepas om 'n loopbaan vir homself te bou en agtergeblewe kinders met akademiese en sokkerpotensiaal op te hef.

“Deur die voltooiing van hierdie kursusse het ek waardevolle lewenslesse geleer en leierskapskwaliteite aangekweek,” sê hy. “Ek is baie bly om deel te kan wees van die Sokkerinstituut se strewe om sokkerontwikkeling tot groter hoogtes te voer in Suid-Afrika.”

Hoewel hy nie meer lid is van die Sokkerinstituut se span nie, speel hy vir die Universiteit se personeelspan om in oefening te bly.

Keigokantse het onlangs Suid-Afrika se Nasionale o.17-span op 'n 12-dagtoer na Argentinië vergesel waar hy gekyk het hoe die Argentyne hul ontwikkelingstrukture bestuur, en of enige van hulle strategieë hier in Suid-Afrika sou kon werk.



Kegoikantse Kgomo – sokker is sy passie.



## Konservatorium vier vanjaar HALFEEU

**VANJAAR IS DIT** presies 50 jaar sedert die Konservatorium van die Potchefstroomkampus in gebruik geneem is.


Die Konservatorium is vandag die tuiste van die Skool vir Musiek.

Toe daar in 1950 begin is met onderrig by die Konservatorium was daar 307 musiekleerlinge wat deur 14 leerkragte onderrig is. Die eerste hoof was 'n bekende en gesogte orrelis, prof Maarten Roode.

Die eerste gebou wat vir musiekopleiding gebruik is, was die ou meule op die Oude Molen-terrein, en uiteindelik is daar besluit om die Konservatorium op dieselfde terrein op te rig.

Die Konservatorium is amptelik deur die Kanselier van die Universiteit, FJ (Frans) du Toit, op 8 April 1960 geopen.

Fasiliteite by die konservatorium sluit in die konservatoriumsaal, die orrelsaal met sy barok-orrel, die Pretorius-musiekstudio, die musiekbiblioteek, twee lesingsale en dertig oefenkamers.



Met die ingebruikneming van die Konservatorium in 1960 is dit beskryf as die mees moderne in die destydse Unie. Die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was destyds die eerste Universiteit in die land wat sy eie Konservatorium gehad het.

## Aanleg bied skoon water

**DANKSY** 'n watersuiweringsaanleg sal die gemeenskap van Madibogo voortaan toegang hê tot skoon water.

Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie het die Nanofiltrasie-watersuiweringsaanleg ontwikkel nadat gevind is dat die grondwater uit hul boorgat gekontameneer is met nitraat, chloried en magnesium.

Die projek is onderneem deur dr Mbhuti Hlope van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe en is befonds deur die Waternavorsingskommissie.

Die 23 000 inwoners van die dorpie Madibogo (90 km vanaf Mafikeng) is grotendeels afhanklik van grondwater wat tot dusver sonder voorafbehandeling gebruik is.

Ná intensiewe navorsing is besluit om van nanomembraantegnologie gebruik te maak om die besoedelstowwe uit die grondwater te verwyder.

Die aanleg is op 15 September geopen deur die Dekaan van die Fakulteit, prof Mashudu Maselesele.

## Kampusgemeenskap plant 'n nalatenskap

**DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS** sal oor die volgende aantal maande 32 eikebome op die buitengrens van die Kampus aanplant as deel van hulle Groenprojek.

Die eerste vier eikebome is onlangs tydens 'n spesiale seremonie geplant.

Die doel van die projek is nie net om by te dra tot die vergroening van die Kampus nie, maar ook om die boodskap van ekologiese vriendelikheid en -verantwoordelikheid uit te dra.

Dit word geraam dat sowat 80% van alle Suid-Afrikaners in stedelike gebiede woon. Die onrus dus op ons om toe te sien dat die omgewing bewaar word sodat ons nageslagte ook hieruit voordeel kan trek.

Navorsing oor aardverwarming toon dat bome die voorspelde temperatuurstygings sal kan teëwerk en dat elke 10% groen-ruimte die stedelike oppervlaktetemperature met soveel as 4% kan verminder.



Die Rector van die Vaaldriehoekampus, prof Thanyani Mariba (bo), meen hierdie inisiatief vergestalt die Kampus se verbintenis tot goeie ekologiese rentmeesterskap en behoort as 'n motivering vir ander instansies te dien.

# Hy help mense om hul TOEKOMS te skep



Dr Mojaki Mosia

**HY IS DIE** medeskepper van mense se toekoms en hy geniet elke oomblik daarvan.

Dr Mojaki Mosia, Uitvoerende Direkteur: Mensehulpbronne aan die Universiteit van KwaZulu-Natal en alumnus van die NWU se Vaaldriehoekskampus, bemagtig werknemers sodat hulle werksbevrediging kan smaak en die toekoms kan skep wat hulle graag wil beleef.

Die inspirasie agter dr Mosia se sukses in mensehulpbronne gedurende die afgelope 15 jaar is sy vermoë om ander in staat te stel om betekenisvolle lewens vir hulself en hul organisasies te skep.

“Dit is vir my baie bevredigend om werknemers te lei om hul persoonlike doelwitte met dié van die organisasie waarvoor hulle werk, te belyn,” sê hy.

Dr Mojaki het 'n honneursgraad (1995) en 'n meestersgraad (1999) in Bedryfsielkunde aan die Vaaldriehoekskampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys behaal.

In 2003 het hy sy PhD oor “Leadership in Performance and Change” aan die Universiteit van Johannesburg behaal. Wat hy die meeste waardeer het as student op die

Vaaldriehoekskampus was die wye blootstelling deur die dosente wat hoofsaaklik van die konsulerende en korporatiewe industrieë was.

Hy het steeds kontak met die vakgroep Bedryfsielkunde, veral met prof Marius Stander en prof Joppie van Graan.

Ná voltooiing van sy studies het dr Mojaki 'n indrukwekkende loopbaan as mensehulpbronpraktisyn gebou deur aanstellings by die Suid-Afrikaanse Poskantoor, Sasol, Tiger Brands, Adcock Ingram Healthcare en BMW, voor hy in 2010 by die Universiteit van KwaZulu-Natal aangesluit het.

Om Gauteng te verruil vir die groen heuwels van KwaZulu-Natal, pas hom uitstekend. “In Durban is werk-lewebalans nie 'n uitdaging nie, maar deel van die daaglikse bestaan. 'n Bonus is dat 'n mens nie eens hoef te betaal om 'n apie te sien nie!”

Fiksheid en pret is belangrik vir dr Mojaki – hy begin elke weeksdag met 'n oefensessie in die gimnasium.

Sy vrou, me Magauta Mosia, is ook 'n alumnus van die Vaaldriehoekskampus en spog ook met 'n meestersgraad in Bedryfsielkunde. Hulle is gesien met drie kinders: Thabiso (18), Kabelo (11) en Reabetsoe (8).

## Uit die mond van 'n kenner

NWU & U het vir mensehulpbronkenner, dr Mojaki Mosia, gevra wat die eienskappe van 'n goeie werknemer is.

“Goeie werknemers is mense wat dit wat hulle doen, bevredigend vind. Hulle is prestasiegerig genoeg om kompetierend te bly, en is emosioneel volwasse genoeg om effektief in spanne te funksioneer. Dié wat in staat is om hul persoonlike doelwitte te belyn met die rolle wat hulle in organisasies speel, is mense wat dinge laat gebeur!”

En 'n goeie werkgewer?

“'n Goeie werkgewer verskaf geleentheid vir loopbaanuitbreiding en -ontwikkeling,” sê hy.

Hy is passievol oor die volle ontwikkeling van menslike potensiaal. “Om kompetierend te bly, verander poste jaarliks namate organisasies vorder en hulself vir nuwe uitdagings posisioneer. Opleiding verseker dat werknemers produktief bly – maar net as hulle gewillig is om te leer.”



# Die STEM van *stemloses*

*Hy sal graag onthou wil word as die stem van die stemloses, die verlatenes en die armes.*

**DR MWAYA WA KITAVI**, 'n alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), het 'n passie vir mense.

"As ek één ding op aarde kon verander, sou ek graag 'n einde wou maak aan ongeregtigheid en ongelikheid. Dit veroorsaak net te veel lyding," sê hy.

Dr Mwaya, die Streeksdirekteur (Oos- en Suider-Afrika) van die Christian Reformed World Missions in Nairobi, Kenia, het sy doktorsgraad in Onderwysbestuur in 1995 aan die voormalige PU vir CHO behaal.

## Die vorming van sy wêreld

Voordat hy in Potchefstroom kom studeer het, het dr Mwaya 'n onderwysdiploma aan die Egoji Onderwyskollege in Kenia behaal, sowel as 'n baccalaureusgraad en twee meestersgrade aan hoëronderwysinstellings in Grand Rapids, Michigan, in die Verenigde State van Amerika.

Dié grade is 'n BA-grad in Teologie en Onderwys, 'n meestersgraad in Teologie en 'n meestersgraad in Onderwys. "Maar dit was die Potchefstroomse Universiteit wat werklik my globale begrip van kwessies soos geregtigheid en gelykheid in die wêreld gevorm het," sê hy.

Hy het gedurende die apartheidsjare in Suid-Afrika aangekom. "Voordat ek na Suid-Afrika toe gekom het, het ek

oor apartheid gelees, maar vir my het dit baie teoreties gebly. Ek het uiteraard gemengde gevoelens gehad oor my koms, maar op 'n manier het ek geweet dat dit God se wil vir my was.

## Vredemaker

"Hoewel ek gesien en ervaar het dat swart- en witmense in vrees vir mekaar gelewe het, was ek verstom oor hoe goed ek as swart Afrikaan van Kenia deur beide groepe aanvaar is. Ek het die geleentheid gebruik om swart en wit met mekaar te versoen – op kampus, maar ook elders."

Hierdie ervaring het hom handig te pas gekom ná sy aanstelling as Direkteur van Onderwys en Opleiding in die VSA se Departement van Arbeid. "Ek het te doen gehad met skole waar die leerders oorwegend swart en die personeel oorwegend wit was. Kwessies soos geregtigheid en gelykheid was op die voorgrond, net soos in Suid-Afrika."

## Leiers vir die toekoms

Sy huidige werk behels die bevordering van leierskap en onderwysontwikkeling in Afrika.


"Ten einde opvoedkundige en teologiese ekumenisiteit te bevorder, moet ons 'n omgewing skep waar opvoedkundige leiers met verskillende vlakke van geleerdheid en kerkleiers van verskillende teologiese en dogmatiese oortuigings kan saamwerk," sê hy.

Wat hy die meeste van sy werk geniet, is om te sien hoe lewens en gemeenskappe getransformeer word.

"Na 'n opleidingssessie 'n paar maande gelede met 'n groep onderwysers oor Bybelse wêreldbeskouing vir Christelike onderrig, het hulle reeds veranderings gesien wat akademiese vordering, omgewing en dissipline by hul skole betref."

Dr Mwaya lees en draf graag en is 'n toegewyde gesinsman.

Hy is getroud met Munyiva. Sy het 'n doktorsgraad in Onderrigleierskap en is Streeksdirekteur (Oos- en Suider-Afrika) van die Timoteus-instituut vir Leierskapsopleiding. Hulle het vier kinders: Kyama (25), Wamaitha (22), Moriya (21) en Kavisi (19).



Dr Mwaya Wa Kitavi

## Vriende vir altyd

As student in Potchefstroom het dr Mwaya in Meyerstraat 18 gebly – 'n huis wat destyds deur die Universiteit beskikbaar gestel is vir na-gradse studente. Van sy beste herinneringe het te doen met sy medehuisbewoner, mnr Segoti Mogotsi, wat van Diepkloof, Soweto was.

"Segoti, wat besig was met sy meestersgraad in Onderwys, was my medestudent-gebedsgenoot. Deur hom het ek Soweto ook goed leer ken. Ek was soos 'n aangenome seun in hulle huis en sy ma het ook my ma geword. Ek besoek haar nog steeds so dikwels ek kan."

Hy het ook nog kontak met Segoti, wat nou 'n senior onderwysbeampie in die Departement van Onderwys is.



# BEDREIGDE bromvoëls se dae word *min*

*Die Skool vir Omgewingswetenskappe op die NWU se Potchefstroomkampus is die 'beskermheer' van die Mabula-bromvoëlbewaringsprojek in Suid-Afrika. Die NWU & U het vir mnr Hendri Coetzee gevra hoe dié projek bydra om die bromvoëls van Suid-Afrika van uitwissing te red.*

**IN DIE DONKER** holte in die boomstam roer die jonger, swakker kuiken skaars nog. Dit is duidelik: sy dae is getel. Buite sak die son vuurrooi agter die kremetartbome in die hartjie van die Bosveld. 'n Paar bromvoëls vlieg raserig tot in die bome waarin hulle slaap.

Die skemer vibreer met die diep kurr-kurr-geluide uit hulle kele. In die nes wag die oudste, grootste kuiken

gretig. Wat hy nie weet nie, is dat ook sy dae waarskynlik getel is. Hy is immers een van net sowat 1 500 tot 2 000 bromvoëls wat nog in Suid-Afrika oor is.

"Die bromvoël – die grootste van die 58 neushoringvoël-spesies wat in Asië en Afrika voorkom – is op die lys van bedreigde spesies," sê mnr Hendri Coetzee, 'n navorser in die Skool vir Omgewingswetenskappe op die NWU se Potchef-

stroomkampus.

Hendri sê een van die faktore wat bygedra het dat die bromvoëlgetalle in Suid-Afrika die afgelope dekades drasties afgeneem het, is dat daar – om verskeie redes – gemiddeld net één kuiken elke nege jaar volwassenheid bereik.

## Net een oorleef

"Bromvoëls word eers op vyf of ses jaar geslagsryp, en het gewoonlik twee kuikens op 'n slag. Die eerste kuiken broei sowat vyf dae voor die ander een uit. Dié groter, sterker kuiken kry al die kos, terwyl die jonger een van die honger doodgaan," sê Hendri.

Dit is hier waar die Mabula-bromvoëlbewaringsprojek 'n verskil maak.

## Die weerkaatsing in die venster

Omdat bromvoëls uiters territoriaal is, beskou hulle hul weerkaatsings in vensters as indringers en val dié dan aan. Bromvoëls se bekke is so sterk dat dit selfs deur 'n skilpaddop kan dring – geen wonder dus dat hulle die vensters maklik breek nie. Daarmee haal hulle hul die argwaan van die eienaars van geboue op die hals en dit lei dikwels daartoe dat hulle doodgeskiet word.

## Só leef bromvoëls

Bromvoëls is baie sosiaal. Hulle vorm groepe wat bestaan uit 'n volwasse mannetjie en wyfie en 'n aantal jonger mannetjies wat as helpers optree. Dié helpers soek kos en help om die groep se gebied te beskerm.

Daar is gevind dat dit beter is om 'n volwasse voël saam met die handgrootgemaakte bromvoëls te hervestig. Die volwassene beskerm die jonges en leer hulle om in die natuur te oorleef. Wanneer 'n volwasse voël nie beskikbaar is nie, moet 'n mens as oppasser vir die eerste paar maande by die hervestigde kuikens bly om hulle te beskerm en ekstra kos te gee, totdat hulle heeltemal selfversorgend is.



Die rolspelers wat by dié projek betrokke is, sien toe dat die swakker kuikens “geoes” word, met die hand grootgemaak en later weer in die natuur hervestig word. Hendri en die Skool vir Omgewingswetenskappe gaan juis in November help om neste in die Limpopo-provinsie te monitor.

### Die projek kry woema

Nadat die eerste drie kuikens in April 1999 suksesvol op Mabula, ‘n privaat natuurreservaat tussen Bela-Bela en Thabazimbi, hervestig is, het die bewaringsprojek behoorlik momentum gekry.

Nadat Hendri aan die voormalige Pretoria Technikon studeer het, was hy tussen 2001 en 2003 die projekbestuurder van die Mabula-bromvoël-bewaringsprojek.

Hy het mettertyd besef dat die mensfaktor nie uit die oog verloor

kan word wanneer dit by natuur-bewaring kom nie. Dit het daartoe gelei dat hy sy meestersgraad in Sielkunde in 2007 aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus behaal het.

Gewapen met sy agtergrond as natuurbewaarder én sy kennis van die mens se psige het hy prof Leon van Rensburg, die Direkteur van die Skool vir Omgewingswetenskappe, in 2010 genader met die versoek dat die eenheid betrokke raak by Mabula se bromvoël-bewaringsprojek.

Sedertdien het die eenheid se rol as ‘beskermheer’ van die projek tot twee verdere navorsingsprojekte aanleiding gegee.

Die een gaan oor die identifisering van gebiede waar bromvoëls die suksesvolste hervestig kan word en die ander oor die gebruik van bromvoëls in tradisionele medisyne en rituele.



‘n Volwasse bromvoël (links) voer ‘n kuiken.

## Kies die beste gebied

Een van die navorsingsprojekte wat die Skool vir Omgewingswetenskappe onderneem, gaan oor die keuse van gebied vir die hervestiging van handgrootgemaakte bromvoëlkuikens.

Om te verseker dat die hervestiging van die kuikens volhoubaar is, moet drie faktore in ag geneem word by die keuse van ‘n geskikte gebied:

- Die eerste faktor is natuurlike habitat: bromvoëls verkies savanne-omgewings, of bosveldgebiede wat nie te ruig is nie.
- Die tweede faktor is die beskikbaarheid van kos. Bromvoëls is karnivore en eet insekte, reptiele en klein soogdiere soos muise en selfs hase.
- Derdens is die teenwoordigheid van groot bome belangrik, omdat die bromvoëls daarin slaap en in openinge in die boomstamme nesmaak.

**Regs:** Mnr Hendri Coetzee span sy kennis van voëls en van die mens se psige in om te help om die bromvoëls van Suid-Afrika van uitwissing te red.

## Die voël wat reën bring

‘n Span navorsers van die Skool vir Omgewingswetenskappe gaan in 2011 onder leiding van mnr Hendri Coetzee navorsing doen oor die rol wat bromvoëls in tradisionele medisyne en rituele speel.

Die gebruik van liggaamsdele van bromvoëls as moetie en die feit dat sommige kultuurgroepe glo dat bromvoëls hulle teen weerlig kan beskerm of reën kan bring, dra by tot die daling in bromvoëlgetalle in Suid-Afrika. (Bromvoëls word byvoorbeeld in droë rivierlope vasgemaak om ‘reën te bring’ in tye van droogte.)

“Ons het gevind dat daar ander, minder bedreigde plant- en dierspesies is wat dieselfde rol speel in tradisionele gebruike.

“Die uitdaging is om die tradisionele genesers te oortuig om van daardie spesies te gebruik, in plaas van bromvoëls,” sê Hendri.

Hy sê die projek sal met omsigtigheid aangepak word. “My kennis van sielkunde sal hier handig te pas kom. Ek wil vasstel wat die onderliggende redes vir gemeenskappe se gebruike en oortuigings is en dan vanuit dié perspektief hulle motiveer om uit hulle eie ‘n kopskuif te maak.”

Dié langtermyn-navorsingsprojek sal besoeke aan die twee grootste moetie-markte in Suid-Afrika – in Johannesburg en in Durban – asook aan verskeie landelike gebiede insluit.



# KONVOKASIE – die *lewenslyn* tussen universiteit en oudstudent

'N KONVOKASIE is die demokratiese stem van graduandi om sodoende 'n bydrae tot die ontwikkeling en karakter van hul alma mater te lewer.

Die NWU-Konvokasie bestaan uit aansoekers wat 'n driejaardiploma of graad aan die Universiteit of sy voorlopers verwerf het.

Huidige permanente personeellede van die instelling kan ook aansoek doen om lid te word van die Konvokasie. Die Konvokasie is daarop gerig om die Universiteit se beeld en belange te bevorder en sy tradisies te bewaar.

Die Konvokasie word verteenwoordig op die Universiteitsraad, wat die NWU beheer, en werk ook nou saam met ander strukture soos die Alumni-vereniging, wat die interaksie tussen die Universiteit en sy alumni bevorder.

Mnr Bennie Howard, Voorsitter van die NWU-Konvokasie.



## Die Statuut sê hoe

As 'n formele struktuur van die NWU word die Konvokasie geregleer deur duidelik gedefinieerde reëls en prosedures, wat in die NWU-Statuut uiteengesit word.

Die Statuut verleen sekere regte en verantwoordelikhede aan lede van die Konvokasie. Elke lid het die reg om genomineer te word om die Konvokasie op die Universiteitsraad te verteenwoordig en om vir sy lede op die Raad te stem.

## Meer oor Bennie

"Die verkiesing van raadslede uit die geledere van die Konvokasie verseker dat die stem van die oudstudent werklik op raadsvlak gehoor word," sê mnr Bennie Howard, die huidige Konvokasievoorsitter.

Bennie het aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) gestudeer en sy BA in Tale en Sielkunde in 1973 verwerf.

Hy was in die Over de Voor-manskoshuis en deel van die eerste groep wat die koshuis Klooster (voorganger van Veritas) begin het.

Hy was vir sewe jaar lank omroeper by die SAUK, waarna hy as kommunikasiekundige in die wynbedryf by Stellenbosch Boerewynmakery en as Distell se Groepbestuurder: Openbare Betrekkinge gewerk het.

## So lyk die Konvokasie se Uitvoerende Komitee tans:

Mnr Bennie Howard, Voorsitter  
 Dr Theuns Eloff, Visekanselier, NWU  
 Dr Dirk Hermann  
 Mnr Flip Buys  
 Prof Marius Stander  
 Adv Jan Henning  
 Adv Johan Kruger  
 Dr Frits Kok  
 Prof Themba Mosia, Sekretaris  
 Prof Pieter du Plessis  
 Me Heleen Coetzee

Bennie was ook in dié tyd een van die eerste drie Kaapse Wynmeesters wat in 1984 gekwalifiseer het.

Sedert 2004 is hy 'n onafhanklike wynkonsultant wat in die breë wynbedryf werk as onder andere 'n bemarkingskonsultant vir Meerendal Wynlandgoed in Durbanville.

Hy is ook die Ondervoorsitter van die Nasionale Wynskou van Suid-Afrika en 'n konsultant vir die Nederlandveiling en SAA se wynseleksie.

Bennie is 'n man van vele fasette en ewe tuis in die natuur as agter die kospotte. "Ek is baie lief vir die natuur, stap en tuinmaak. Musiek is nog 'n gunsteling, en braai 'n passie. Ek het saam met my kollegas van Stellenbosch Boerewynmakery in 1984 die SA-braaikampioenskap gewen!"

## Hoe word ek lid van die Konvokasie?

Nuwe lede moet 'n lidmaatskapvorm voltooi en die ledegeld van R50 betaal. Hierdie is vir lewenslange lidmaatskap. Let daarop dat slegs graduandi en diplomandi (diplomas van drie jaar en meer) en permanente personeel van die NWU vir lidmaatskap mag aansoek doen.

Die aansoekvorm is op die NWU se webwerf beskikbaar by: [http://www.nwu.ac.za/static-content/convocation/documents/2010\\_convoc\\_applc\\_and\\_aansoek.pdf](http://www.nwu.ac.za/static-content/convocation/documents/2010_convoc_applc_and_aansoek.pdf).

Kontak gerus vir me Izette Schouwstra by [izette.schouwstra@nwu.ac.za](mailto:izette.schouwstra@nwu.ac.za) of (018) 299 4968 vir verdere navrae.





# OMRING deur natuurskoon

*Ondersoeke het bewys dat 'n goeie werksomgewing soos dié van die Vaaldriehoek Kampus werknemers meer produktief maak. Om boonop elke dag na 'n verklaarde natuurreservaat – soos dié waarin die Kampus hom bevind – te gaan om jou brood en botter te verdien, is 'n groot voorreg. Dié foto's, die meeste geneem deur me Annette Willemse van Korporatiewe Kommunikasie, vertel die verhaal van 'n kampus wat omring is deur die natuur.*





# Nuus uit die *wynland*

**TYDENS SY** lewensreis het hy nog altyd die wete in sy agterkop gehad dat hy van die gebaande weë moes afwyk. Hierdie gedagte en verborge begeerte het hom met kronkelende agterpaaië langs geneem en uiteindelik in die wingerd laat beland.

Mnr Diale Rangaka, voormalige akademikus van die Universiteit van Noordwes (UNW), (nou die Mafikengkampus van die NWU) spog met talle titels: hoërskoolonderwyser, professor, dekaan, en nou die trotse eienaar van M'hudi-wynlandgoed.

M'hudi is Suid-Afrika se eerste wyntoerismeplaas wat ten volle in swart besit is, en is die wenner van die tiende jaarlikse Ontluikende Toerisme-entrepreneur van die Jaar.

Diale, of Oupa, soos hy onder goeie vriende en die familie bekend staan, is getroud met Malmsey, 'n kliniese sielkundige, en hulle het twee kinders: Senyane en Lebogang, wat ook by M'hudi Wines betrokke is.

## Belangstelling in wyn

Die Rangakas het aan 'n ander soort lewe begin dink toe hul stresvolle werk en reise hulle tyd saam begin beïnvloed het. Diale het van boerdery gehou en Malmsey het op die Wes-Kaap verlief geraak toe sy as 'n jong meisie die eerste keer druiwe en wingerde gesien het.

Hulle droom om eendag 'n wynplaas te besit, het nuwe lewe gekry toe die regering lenings aan ontlukende swart boere aangebied het. Hulle het na 31 plase gekyk en besluit om hulle op 'n eiendom van 43 hektaar buite Stellenbosch te vestig.

## Onderwys

Nog lank voor hy 'n wynboer geword het, het Diale se studies letterkunde en onderwysopleiding ingesluit.

Hy het grade aan die Universiteit van Limpopo en Wits, en die Universiteit van Sussex in Engeland verwerf.

Daarby het hy ook sertifikate en diplomas in Openbare Betrekkinge, Bestuur, Arbeidsbetrokkinge en Finansies voltooi. Hy het sy loopbaan in tersiêre onderrig in 1977 aan die Universiteit van Limpopo begin en aan die voormalige Universiteit van Noordwes voortgesit.

Hy het as Adjunkdekaan van Geesteswetenskappe by die UNW aangesluit en later die Dekaan van die Skool vir Opvoedkunde geword. "Die UNW was 'n trappie bo die res. Dit was 'n universiteit wat daarop gekonsentreer het om mense op spesifieke beroepe voor te berei."

Volgens Diale was dit uitdagende, maar opwindende tye, soos aanpassings by iets nuuts kan wees.

"Ons het die weë gebaan deur dit te bewandel. Ons onderrig en administrasie by die Universiteit was ondersoekend, leergierig, maar met vertroue."

Die resultate – wat sigbaar is in die veranderinge wat by die studente plaasgevind het – spreek vanself.

"Die NWU bly my gunstelingonderwysinstelling, en ek is trots om myself daarmee te assosieer.

"Ek was redelik lank gelede laas op die Mafikengkampus, maar ek het wel kontak met sommige van my kollegas, van wie party sedertdien afgetree het of by ander instellings is."

## M'hudi


Die naam M'hudi kom van die Tswana-woord, Mohudi, wat insamelaar beteken, en ook die naam van 'n heldin in 'n Afrika-verhaal is.

M'hudi is een van Sol T Plaatje se romans en die eerste roman wat deur 'n swart Suid-Afrikaner geskryf is en in Engels gepubliseer is.

Diale beskou Sol Plaatje as 'n skrywer wat sy tyd vooruit was.

"Hy het in die vroeë twintigste eeu 'n roman geskryf met 'n vrou as die sentrale karakter.

"M'hudi is 'n heldin – sy laat haarself geld, het moed en is oop vir nuwe ervarings. Ons is deur hierdie vrou geïnspireer. Dit is die boodskap wat ons graag so ver as moontlik uitleef."



Regs: Diale se inspirasie vir die naam M'hudi het hy in een van Sol T Plaatje se romans gevind.

## Meer oor M'huDI se wyne

(Bron: [www.mhudi.com](http://www.mhudi.com))

Die M'huDI Wines-projek is 'n uiters persoonlike reis vir die gesin.

Die wingerd lê in 'n vallei met diep Tafelberg-sandsteengrond oor klei. Die vallei bodem is baie warm in die somer, maar word gereeld deur oggendmis en sterk dosisse van die befaamde Kaapse suidooster in die middag afgekoel.

Hulle gebruik druiwe van hul wingerd om die wyn te maak, maar om gehalte te verseker, word

druive ook verkry van gebiede wat die bekendste vir die kultivars is.

Die volgende wyne is tans beskikbaar:

### Sauvignon Blanc 2009

Hierdie koelklimaat Sauvignon Blanc is tipies grasagtig, met 'n vars en lewendige titseltjie spanspek en grenadella.

Die ryk tropiese vrug-, pynappel- en heuningaroma dra by tot 'n goed-afgeronde, gebalanseerde einde.

### Pinotage 2009

Hierdie medium wyn het 'n ryk pers kleur, 'n jeugdigheid, subtiële eike-houtspesery, pruime en vanielje op die neus, met syagtige tanniene op die verhemelte.

### Merlot 2006

Hierdie moderne, medium Suid-Afrikaanse Merlot is vol ryp, sappige geure van rooi pruime en kersies.

Die vars, lewendige karakter is ook sag en glad op die einde.

### Sukses en uitdagings

M'huDI het sy eerste sukses in die buiteland – eerder as plaaslik – behaal toe Marks & Spencer in die Verenigde Koninkryk in 2006 begin het om M'huDI-wyn in te voer.

Die M'huDI-wyne kan ook in die Verenigde State van Amerika (VSA) en Duitsland gekoop word, en was selfs by een van die inhuldigingspartytjies beskikbaar toe Barack Obama tot president van die VSA verkies is.

Plaaslik het die M'huDI-span Woolworths oorreed om hul wyn te verkoop, en sedert die begin van Oktober is die M'huDI Pinotage die

eerste van hulle wyne wat op Woolworths se wynlys verskyn.

Volgens Diale is daar twee redes vir hulle sukses oorsee.

“Eerstens is dit makliker om befondsing te kry om ons wyne op internasionale handelstoonstellings te bemark, en tweedens is die mededinging in Suid-Afrika baie sterker.”

Die erkenning vir die M'huDI-stamboom het nie sommer vanself gekom nie. Een van hulle grootste uitdagings was – en bly – bloot om deur verbruikers ontvang te word.

In Suid-Afrika is swart wynprodusente nie 'n algemene verskynsel

nie, en dit is moeilik om die persepsie te oorkom dat dit bloot 'n SEB-koop-en-verkoop-front is. “Mense is traag om ons wyne te toets – maar ons kom agter dat wanneer mense eers bereid is om uit hul gemaksone te tree, hulle wel van ons wynstyl hou.”

### Die pad vorentoe

Die Rangakas werk ook daaraan om M'huDI Wines na ander verwante markte uit te brei. “Ons word 'n wyn-toerismebestemming eerder as bloot 'n wynmaatskappy,” verduidelik Diale.

M'huDI het nou bed-en-ontbyt- en funksiegeriewe en hulle ontvang ook gaste wat bloot 'n koppie koffie of 'n glas M'huDI-wyn wil geniet. Daarby organiseer hulle ook wynprosessies en wynwerkswinkels.

“Ons doelwit is om die eerste swart toerismebestemming te word wat op kommersiële skaal werk, met konferensiegeriewe, 'n amfiteater en 'n uitgebreide organiese kruidtuin.”

Dit is duidelik dat M'huDI Wines talle struikelblokke oorkom het en hulself gevestig het as 'n krag waarmee rekening gehou moet word.

In sy soeke na 'n nuwe begin, en met suiwer vasberadenheid, moed en inspirasie, het Diale sy droom nagestreef en geluk gevind.

Links: Diale en Malmsey geniet die vrugte van hul arbeid saam met hulle gesin. Van links is hulle dogter, Lebogang, Diale, Malmsey, hul skoondogter, Rae-Leigh en seun, Senyane. Voor is hulle kleinseun, Kwena.





# Sy is die **MEESTER** van mediamonitoring

*"In die inligtingsera word die krag van kommunikasie steeds onderskat. Om nie te weet wat oor jou maatskappy in die media gesê word nie en nie jou maatskappy se reputasie en handelsmerk toe te skryf aan die impak van mediadekking nie, mag ernstige gevolge hê. Navorsing het getoon dat daar 'n definitiewe korrelasie tussen verbruikersgedrag en hulle persepsie van 'n maatskappy of handelsmerk is. Indien jy nie jou reputasie bestuur nie, sal jy besigheid verloor."*

**SO REG UIT** die perd se bek. Me Anri Schwim, die nuut aangestelde Hoof- Uitvoerende Beamppte van Monitoring South Africa (MSA) weet waarvan sy praat.

## Onderrig

Anri, 'n oudstudent van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), het 'n vierjaargraad – BBk (Bedryfskommunikasie) – met spesialisasie in Joernalistiek, Nuwe Media en Korporatiewe Kommunikasie voltooi.

"My droom as kind was om 'n rubriek vir een van Suid-Afrika se glanstydskrifte te skryf. Min het ek geweet dat ek 'n loopbaan in mediamonitoring sou vind en dat dit uiteindelik my passie sou word."

Anri koester aangename herinneringe aan haar jare by die voormalige PU vir CHO.

Sy het in Karlien-dameskoshuis gebly en elke oomblik van haar studentelewe geniet.

Sy het by Radio Puk, die studenteradiostasie, en ook by die Kampus se komitee vir Openbare Betrekkinge aangesluit. Dit was haar eerste blootstelling aan die media-industrie en die etiket van bemarking.

"Ek glo dat my jare by die NWU die grondslag vir my loopbaan gelê het. Die teoretiese agtergrond kom handig te pas by meer as een



geleentheid. Die kommunikasie-strategieë, mediaverklarings, bestuur van veldtogte en ander kommunikasiefunksies maak deel uit van wat ons daaglik teëkom.”

Maar dit was nie net alles werk die hele tyd nie!

“Ek onthou nog die samehorigheidsgevoel as dore (vroulike eerstejaargestudente), blommetjiesvou saam met die jarre (eerstejaargestudente van Veritas-manskoshuis) vir JOOL, en om deur “seerowers” van verdrinking op die gras voor die biblioteek gered te word!”

Dit het uiteindelik ook tyd geword om in die “regte” wêreld te graduateer met groot drome en aspirasies van wat sou kom.

### Werk

Haar professionele loopbaan is “gebore en getoë” by MSA met die uitsondering van bemerking en werk wat sy vir ‘n nie-regeringsorganisasie gedoen het in haar eerste jaar ná universiteit.

Sy het as ‘n media-analis by MSA begin werk en teen einde 2007 Hoofbedryfsbeampte en lid van die direksie geword. In Januarie 2010 het sy die posisie as Hoof- Uitvoerende Beampte by MSA aanvaar.

### ‘n Tipiese dag

Anri se lewe is veeleisend en nie twee dae is dieselfde nie. Sy kom elke dag voor nuwe geleenthede en uitdagings te staan.

“Ons het byvoorbeeld werk vir die 2010-Organiseringskomitee vir die Sokkerwêreldbeker gedoen en het ‘n finale verslag in ‘n baie kort tyd afgehandel – veral as ‘n mens die meer as 13 000 media-items wat die projek genereer het, in ag neem!”

Vir haar is dit baie bevredigend wanneer sy sien haar kliënte gebruik die strategiese inligting van MSA en pas dit in hul mediastrategieë vir die toekoms toe.

### Opgewonde

Anri is opgewonde oor MSA se toekoms. Haar visie vir die maatskappy is om te verseker dat hulle ‘n wêreldklasdiens aan hulle kliënte lewer.

“MSA fokus op die hersiening van die unieke tegnologieë wat ons gebruik om hierdie nisdiens te lewer, sodat ons kan voorbly met die

nuutste neigings in die internasionale mediamonitoringsindustrie.”

### Smee die yster

Anri is iemand wat dinge laat gebeur en die yster smee terwyl dit nog warm is.

“My persoonlike motto vir sukses is om take wat onmoontlik lyk op dieselfde manier aan te pak as waarop jy ‘n olifant sal eet – stukkie vir stukkie. Ek word geïnspireer deur passievolle mense wat na ‘n oplossing soek eerder as om net na die probleem te staar.”

Anri is ‘n voorstander van ‘n gebalanseerde lewe. Hoewel sy van die vinnige en dinamiese pas in die werksomgewing hou, glo sy dat gesinslewe ewe belangrik is.

“My ma is my grootste mentor. Die beste raad wat sy my ooit gegee het, is dat wanneer jy nie ‘n oplossing vir ‘n saak kan kry nie, jy daarvoor moet slaap. Jy sal dit in ‘n ander lig sien wanneer die son môre opkom.”

Haar familie sal ook binnekort uitbrei, omdat sy ‘n tweeling verwag.

“Ek sien uit na die seën om ‘n ouer te wees en dit terselfdertyd te balanseer met my passie vir my werk.”

Anri Schwim inspireer ander om die meeste te maak van wat hulle na die tafel bring. Laat ons almal haar voorbeeld volg en die bul by die horings pak!

## Waaroor gaan Monitoring South Africa?

MSA is ‘n maatskappy wat mediamonitoring en reputasie-analises doen.

Al die dagkoerante word om 05:00 in die oggend by hulle kantore regoor Suid-Afrika (Gauteng, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein) afgelewer.

Die koerante word ingeskandeer en die karakters op elke koerant word geïdentifiseer deur middel van optiese karakter-herkenning.

Hulle gebruik dan soekwoorde wat verband hou met hulle kliënte wat hulle in staat stel om die relevante koerantitems toe te ken.

MSA monitor ook dekking in die uitsaaiwese en aanlynmedia en maak gebruik van verskillende prosesse om te verseker dat kliënte weet waar hulle in die media genoem is.

Ná al die relevante media-items versamel is, verskaf MSA ‘n mediareputasie-analise aan die kliënt.

## Die NWU kry goeie publisiteit

Die NWU is al vir ‘n hele paar jaar een van MSA se kliënte en het – volgens Anri – ‘n taamlike goeie reputasie tot dusver.

In vergelyking met ander universiteite ontvang die NWU die derdehoogste volume dekking ná die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Pretoria. Die persepsies van die publiek is egter op dieselfde vlak in vergelyking met hierdie universiteite.

Die Rugbyinstituut op die Potchefstroomkampus het baie positiewe mediadekking vir die NWU genereer. Kommentaar deur deskundiges – waar verskeie akademici van oor die Universiteit hulle kundige mening oor spesifieke onderwerpe lewer – genereer ook dekking wat ‘n positiewe impak op die NWU se mediareputasie het.

Die Spaanse sokkerspan wat Potchefstroom as basis gebruik het tydens die 2010 FIFA-sokkerwêreldbeker was ook ‘n groot publisiteitsgenereerder vir die NWU.

Nuus van ‘n meer kontroversiële aard, veral ten opsigte van transformasie, genereer ook gunstige en ongunstige mediadekking. Anri vind dat die NWU aktief reageer op hierdie soort mediadekking om enige negatiewe impak wat in die media na vore mag kom, te balanseer. “Dit is duidelik dat sake soos billikheid, herstel en gelyke en gehaltesdiens op al die kampusse die kern van die NWU se transformasie-agenda is.”

# Wetenskapsentrum gee Onderwys 'n HUPSTOOT

*Die Mafikengkampus het onlangs 'n nuwe Wetenskapsentrum geopen wat vir leerders, studente, die publiek en onderwysers tot voordeel sal strek.*

**DIE MINISTER VAN** Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, het die Sentrum op 30 Augustus 2010 amp- telik geopen. Dié hoëprofielfasiliteit is vir die Universiteit 'n tasbare bewys van sy strewe om die gemeenskap te dien en studente vir loopbane in die wetenskappe te werf.

## Lewensvatbaar

Die Sentrum is uiters lewensvatbaar, aangesien dit 'n relatief lae onder-

houdskoste vereis, met die Univer- siteit wat vir die nodige infrastruktuur sorg, toegang bied tot spesialis-in- ligting oor Wetenskap en Tegnologie en studie- en beroepsvoorligting aan voornemende studente verskaf.

Die vestiging van die Sentrum was die inisiatief van die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, en is deur prof Jan Smit, die Bestuurder van die Weten- skapsentrum op die Potchefstroom- kampus, uitgevoer.

Die Universiteit het die ou kafete- riagebou afgestaan en die omskake- ling en opknapping daarvan is deur prof Jan behartig.

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het R500 000 vir die toerusting voorgeskiet.

## Versigtig beplan

Die idee van 'n Wetenskapsentrum is versigtig beplan en nagevors en prof Jan het 'n deeglike lewensvatbaar- heidstudie gedoen.

Dit het die belangrikste rolspelers ingesluit, soos die Noordwes Departement van Onderwys, personeel op die Mafikengkampus, munisipaliteite in die onmiddellike omgewing van die Universiteit, die Mafikeng Kollege vir Verdere Onderwys en Opleiding en die DWT.

## 60 eksperimente

Prof Jan was verantwoordelik vir die ontwikkeling en opstel van 60 praktiese eksperimente wat by die Sentrum uitgestal word.

Hoewel die eksperimente verbind is aan temas wat in die skool- en voorgraadse kurrikulum voorkom, is dit ontwikkel met die oog op pret en opwinding vir jonk en oud.

"Ek dink die Wetenskapsentrum sal 'n groot sukses wees en die Uni- versiteit en gemeenskap nog vir vele jare bevoordeel.

"Daarby sal dit ook die Universiteit se onderwysprogramme kompli- menteer, ook wat gemeenskapsdiens betref," het prof Jan gesê.

Minister Pandor was die eerste persoon wat die besoekersboek geteken het.

Haar opmerking: "Geluk voren- toe vir miljoene wetenskaplikes en tegnoloë," is 'n toonbeeld van die hoë verwagtinge wat vir die Sentrum gekoester word.



Prof Jan Smit (regs), Bestuurder van die Wetenskapsentrum op die Potchefstroomkampus, demonstreer een van die praktiese eksperimente vir prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikeng- kampus (links) en die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor (middel).



Mnr Ettienne le Roux hou saam met sy vriendin, me Maryka Kellerman, vakansie in Kampsbaai, met die Twaalf Apostel-bergreeks in die agtergrond.

# Hoofekonoom weet waar GELD vandaan kom

**MNR ETTIENNE LE ROUX** weet dat geld nie aan bome groei nie.

Dié alumnus van die Vaaldriehoek-kampus het 'n gesonde respek vir geld – nie net omdat hy die hoofekonoom van Rand Aksepbank is nie, maar ook omdat hy as student geleer het om sy sente om te draai.

Ettienne het op die Vaaldriehoek-kampus studeer toe dit nog 'n satelietkampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was. Hy het tussen 1991 en 1995 die grade BCom, BCom-Hons en MCom Ekonomie cum laude behaal. "Geld was skraps en ek moes hard werk vir prestasiebonusse om my klageld te help betaal," sê Ettienne.

## Dit het hy geleer

Dié harde werk het hom nie net deursettingsvermoë nie, maar ook toewyding geleer. "Ek het nie ekonomie as vak op skool gehad nie, dus moes ek redelik baie inhaal." Daarby het sy studies ook werkslus by hom aangewakker – hy kon nie wag om al die boekekennis toe te pas nie.

Vandag kom dié kennis handig te pas in sy beroep as ekonoom.

Sy belangrikste taak by Rand Aksepbank is om die makro-ekonomiese omgewing waarbinne die Bank funk-

sioneer fyn dop te hou vir nuwe tendense – wat ekonomiese veranderlikes sowel as beleid betref. Hy spandeer ook baie van sy tyd om die wêreldekonomie van alle kante af te bekijk.

## Om te staak of nie

Ettienne is van mening dat die onlangse stakings die beeld van die Suid-Afrikaanse ekonomie geskaad het.

"Om te staak is elke persoon se grondwetlike reg en 'n vreedsame staking wek min kommer. Dit is wanneer stakings met geweld gepaard gaan of wanneer stakers ander die geleentheid ontnem om te werk, dat die beeld van die ekonomie geskaad word," sê hy.

"Dit is in almal se belang dat stakings tot 'n minimum beperk moet word. Indien nie, skep dit 'n beeld van onbetroubare arbeid wat maklik kan lei tot grootskaalse vervanging van arbeid met masjinerie en ander tipes kapitaaltoerusting."

Nadat hy sy studies voltooi het, het Ettienne vir twee en 'n half jaar op die Vaaldriehoek-kampus klas gegee voordat hy in 1997 as ekonoom by die Nasionale Tesourie en later in dieselfde jaar by Eerste Nasionale Bank aangestel is. Hy het in 1998 by Rand Aksepbank begin werk en is in Julie 2009 as hoofekonoom aangestel.

## Steeds kontak

Ettienne het vandag nog kontak met kollegas wat saam met hom klas gegee het. Hy lewer ook elke jaar 'n paar lesings as gasdosent op die Potchefstroomkampus.

Sy raad vir huidige studente is dat hulle die hoogste moontlike graad moet probeer verwerf voor hulle die beroepswêreld aanpak. "Tyd is min vir verdere studies as jy 'n besige werkskiedule het," sê hy.

Wanneer sy werk dit toelaat, kuier hy en sy vriendin, me Maryka Kellerman, iewers aan die Natalse noordkus, in die Wes-Kaap of langs die Weskus, waar Maryka grootgeword het.

"Ek hou van rondrits in my (baie) ou Landrover Defender. Verlede jaar het ons Mosambiek aangepak en vroeër hierdie jaar het ons Namibië van suid tot noord en weer terug suksesvol aangedurf. Ek is ook gelukkig en bevoorreg in die sin dat ek baie vir my werk reis, plaaslik sowel as oorsee."

Sedert sy studentejare op die walle van die Vaalrivier het Ettienne se lewensreis hom letterlik en figuurlik langs ver paaie geneem, maar die waardes wat hy as student geleer het, naamlik deursettingsvermoë, toewyding en werkslus, dien steeds as rigtingwysers op sy pad.

# Volg die *spoor* van die ALUMNI



**TEEN DIE BEGIN** van 2011 behoort die NWU 'n baie goeie prentjie te hê van die afgelope tien jaar se graduandi.

Dit sluit in wie hulle is en waar hulle werk, watter bydrae hulle tot die land se ekonomie lewer en of hulle kwalifikasies aan die verwagtinge van die bedryf voldoen.

Dit sal die resultaat wees van 'n gefokusde alumni-opsporingsprojek wat die NWU in die tweede helfte van 2010 geloods het om nie net kwantitatiewe inligting nie, maar ook kwalitatiewe inligting oor sy alumni in te win.

"Universiteite se databasisse oor hul graduandi is dikwels net kwantitatief van aard," sê prof Marlene Verhoef, Raadgewer en Direkteur in die Kantoor van die Visekanselier.

"Hulle weet dus byvoorbeeld op watter kampusse hulle graduandi studeer het, watter kwalifikasies hulle behaal het, wanneer hulle gegradueer het, en wat hul kontakbesonderhede is."

## Doen baanbrekerswerk

Prof Marlene, wat die projek geïnisieer het, sê die NWU gaan baanbrekerswerk doen deur ook kwalitatiewe inligting in te win.

Dit sluit inligting in oor die probleme wat graduandi ondervind om werk te kry, en moontlike gapings tussen universiteitsopleiding en die indiensneembaarheid van graduandi.

Volgens prof Marlene wil die Universiteit verskeie doelwitte met dié projek behaal.

Een daarvan is om aan die hand van die inligting wat ons insamel, die markaandeel van die NWU in terme van sy graduandi te bepaal. "Ons wil kyk watter bydrae ons graduandi in die ontwikkeling en

groei van Suid-Afrika lewer," sê prof Marlene.

"Ons wil verder ook uitvind of ons graduandi aan die verwagtinge van werkverskaffers voldoen. Dit sal op sy beurt vir ons wys of ons akademiese programme relevant en bemerkbaar is."

## Lewer beter diens

Nog 'n belangrike rede vir die projek is om 'n beter diens aan die alumni te lewer. "Ons het besef dat 'n studenteverving nie ophou wanneer die studente graad kry nie.

"'n Ware studente-ervaring duur lewenslank. Daarom wil ons seker maak dat ons alumni kontakbaar is en dat ons genoeg kwalitatiewe inligting oor hulle het.

"Dit sal ons help om 'n beter diens aan hulle te kan lewer."

## Vestig 'n tradisie

Prof Marlene sê 'n 'old boys'-tradisie – soos dikwels oorsee aangetref word – het nog nie behoorlik onder die hoërondewysinstellings in Suid-Afrika posgevat nie.

"Ons wil iets hiervan by die NWU vestig, juis omdat ons ons alumni as 'n uiters belangrike belanghebbegroep beskou."


Die NWU het aan P:Cubed, 'n data-bestuursbesigheid met kantore in Johannesburg en Kaapstad, opdrag gegee om inligting oor sy alumni in te win.

Die projek behoort teen die einde van 2010 afgehandel te wees.

## Hulle vind feite vinnig

- Nadat die NWU aan die maatskappy P:Cubed basiese graduandi-data gegee het vir 'n potensiele databasis van 150 000, kon hulle ná slegs 'n basiese ontleding reeds 99 742 alumni se besonderhede verifieer.

- 27% van dié groep se e-posadresse, 99% se telefoonnommers en 72% se posadresse is geverifieer.
- Die taaldata is baie interessant. Onder die alumni is daar byvoorbeeld drie persone wat Chinees praat, twee wat Tseggies praat en agt wat Hollands praat. Wat Suid-Afrikaanse tale betref, is die meeste van hierdie groep Afrikaanssprekend, gevolg deur Setswana-, IsiXhosa-, Engels- en IsiZulu-sprekendes.





# 'n Storie met 'n stertjie

**HULLE SÊ DAT** as 'n storie eers 'n stertjie het, dit liefies nie oorvertel moet word nie. Hierdie is egter 'n storie (en 'n stertjie) van 'n ander aard!

'n Trop blouape het hulself op die Vaaldriehoekampus tuisgemaak en sorg vir baie pret en plesier vir almal wat hulle raakloop.

Vroegoggend swaai die lot soos wafferse sweefstokartieste aan die takke en laatmiddag vang hulle 'n vinnige slapie in die koelte langs die rivier.

Personeel, studente en besoekers aan die Kampus slaan dié adoonsvolk se aapstreke met 'n glimlag gade en daar is selfs diegene wat kan getuig van 'n onnutsige stropery tydens 'n gesellige piekniek of 'n kuiertjie langs die braaivleisvuur.

Dit is veral vroeg in die oggend, so teen 06:30 dat aap-se-kind se gekogel en gespeel jou aandag trek.

Die trop, wat na raming tussen 40 en 50 blouape groot is, beweeg van sonkolletjie tot sonkolletjie.

Daar is dié wat vroetel vir vlooië, mekaar soos stoeiers van ouds die stryd aansê, rats van boomtak na boomtak swaai en dié wat dit moeilik vind om hul nuuskierigheid te betoel.

Dit is veral die laaste groep wat die meeste aandag trek. As daar markies-tente opgeslaan word vir spesiale geleenthede, sal Kees en Stompie (die mannetjiesaap met die kort stert) eerste inspeksie doen.

Hulle klim en klouter, gly teen die tentpale af en toets selfs die sterkte van die toue deur daaraan te kou.

Daar is ook natuurlik altyd 'n groep wat die gebeure uit die boomtakke gade slaan.

Soos Paul die seekat – wat kitsroem geniet het tydens die onlangse sokkerwêreldbeker – het die Kampus se blouaapkolonie ook hul voorkeure en afkeure.

'n Kollega met 'n dubbelkajuit-bakkie het onlangs ná 'n funksie by die Klein Lapa vir ta en sy maters op

sy voertuig se dak betrap – besig om dit behoorlik te bemors. Die vermoede bestaan dat die voertuig op hul speelveld geparkeer was.

Studente is onlangs onkant betrap toe een van die ape homself op die trappies na die kafeteria sit gemaak het.

Hy het só roerloos daar gesit dat menige student hom aanvanklik nie eens raakgesien het nie.

Uit die kantoor van die Kampusrektor word vertel dat die klein apies soms so lekker in die boom voor die Rektor se kantoorvenster speel, dat jy hulle dikwels ongestoord vanaf 'n hanetree kan dophou.

Die Vaaldriehoekampus is alombekend vir sy natuurskoon, rustige atmosfeer en uitgebreide dierebevolking, waarvan hierdie apies die nuutste toevoeging is.

Soos die ouer garde sê: "alle grappies op 'n stokkie", is dit op dié kampus "alle apies hoog in die takke" én diep in almal se harte!



Soms moet jy jou oë behoorlik inspan om die apies raak te sien – veral in die winter wanneer die omgewing sonder kleur is.



Me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie het onlangs dié blouape op film vasgelê by 'n ou Case-trekkertjie op die Kampus. Van hulle het die onderstel ondersoek en 'n "tegnikus" het die bedrading beproef.



# Vorbereiding van studente *staan voorop*

**EERSTEJAARSTUDENTE** ken die geheime van 'n Blackberry en 'n iPhone en weet presies hoe jy tweet en google, maar vir sommige van hulle is twee plus twee vyf en is rys iets wat jy per trein doen.

Soos oral by universiteite in Suid-Afrika, is dié gebrek aan geletterdheidsvaardighede onder eerstejaars ook by die NWU 'n probleem.

Die andersoortige eise wat 'n hoëronderwysinstelling aan dié studente stel, maak die probleem nog groter. Die leerklimate en -kultuur en die sosialisering by 'n universiteit is baie anders as dit waaraan hulle gewoon is.

Hulle vorige leerervarings is dikwels ook nie genoeg om hulle deur die troebel waters van 'n totale aanpassing en die eise van 'n universiteit te stuur nie.

Die Universiteit gee egter nog lank nie boedel oor nie. Om hierdie gaping te oorbrug, het die instelling verskeie maatreëls ingestel om akademiese geletterdheid onder eerstejaars te bepaal en te ontwikkel.

## So help ons

Hierdie maatreëls sluit in 'n akademiese geletterdheidstoets, bykomende geletterdheidsmodules, verlengde programme, aanvullende onderrig en 'n beplande 'voorbereidingskollege'.

In die eerste plek moet alle eerstejaars 'n akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoets aflê wanneer hulle by die Universiteit inskryf.

Van die vaardighede wat gemeet word, is die volgende:

- Akademiese woordeskat.
- Interpretasie van grafiese inligting.
- Verskil tussen hoofsaak en bysaak, oorsaak en gevolg, feite en menings.
- Eenvoudige berekeninge uit die vuis, klassifikasie en vergelyking van inligting.
- Redenasie- en definiëringsvermoë.
- Begrip van die groter betekenis van gelese tekste.



Dr Theuns Eloff, Visekanselier (regs), saam met dr Glen Jacobs, die Uitvoerende Direkteur van die Internasionale Sentrum vir SI tydens die ondertekening van die samewerkingsooreenkoms en opening van die NWU se SI-strekkantoor.

Hoë druipeysfers onder eerstejaarstudente aan Suid-Afrikaanse universiteite is dikwels te wyte aan die onvermoë van die skoolstelsel om eerstejaars aan universiteite te lewer wat met begrip kan lees, skryf en reken.

Navorsing wat Hoëronderwys Suid-Afrika (HESA) in 2009 gedoen het, het gewys dat die Suid-Afrikaanse skoolstelsel sukkel om goed voorbereide eerstejaars aan universiteite te lewer. Van die bevindinge was die volgende:

- Sowat 80% van staatskole in Suid-Afrika kan as disfunksioneel beskou word.
- Onderwysers fokus nie genoeg op teksskryf-opdragte nie. Graad drieleerders kry byvoorbeeld oor die algemeen net een keer per week die opdrag om 'n stukkie te skryf.
- Net drie tot vier ure word bedags werklik aan onderrig bestee en 90% van skoolhoofde kla oor hoë afwesigheidsyfers onder onderwysers.

Studente wat nie die toets deurkom nie, word verplig om in die eerste semester van hul eerstejaar 'n module in hierdie akademiese vaardighede te voltooi.

In die tweede semester moet alle studente egter 'n bykomende module in akademiese vaardighede voltooi.

Die module bestaan uit drie dele, naamlik rekenaar- en inligtingvaar-

dighede, 'n leeskomponent en akademiese geletterdheid.

## Dit vat 'n bietjie langer

Nog 'n maatreël om studente te help, is die verlengde BSc- en BCom-programme op die Mafikeng- en Vaaldriehoek-kampus en die verlengde Teologie-program op die Potchefstroom-kampus.

In plaas van drie jaar, kan studente dié programme in vier jaar voltooi,

terwyl hulle ook bykomende hulp kry. Dit is gemik op studente wat ná matiek nie oor die minimum vereistes beskik om 'n spesifieke kursus aan te pak nie.

### Dit vul onderrig aan

Die NWU implementeer ook Aanvullende Onderrig (Engels: Supplemental Instruction of SI) op al die kampusse.

SI is 'n akademiese ondersteuningstelsel wat regoor die wêreld vir studente in uitdagende modules gebruik word.

Die studente ontvang in klein, informele groepe ondersteuning van opgeleide SI-leiers (ook studente) wat reeds die betrokke module suksesvol voltooi het.

### Dit berei hulle voor

Die NWU ondersoek ook tans die moontlikheid om 'n sogenaamde 'voorbereidingskollege' te begin. Dit sal 'n afstandskursus wees wat studente voorberei vir tersiêre studies.

"Aan die begin van 2010 was daar 8 000 studente wat aansoek gedoen het om op ons Mafikengkampus te studeer, maar as gevolg van beperkte infrastruktuur – onder meer geboue en personeel – kon ons net 2 000

van hulle toelaat," sê dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier.

"Kom ons sê dat van die ander 6 000 wat nie toegelaat is nie, sowat 2 000 wel die potensiaal gehad het om suksesvol te studeer.

"Ons beoogde voorbereidingskollege is vir sulke studente bedoel. Die suksesvolle voltooiing van dié voorbereidingskursus sal byvoorbeeld vir hulle outomaties toelating gee om die volgende jaar aan die NWU te studeer."



Die Universiteit doen alles in sy vermoë om veral eerstejaarstudente te help om die gaping tussen die skoolstelsel en hoër onderwys te oorbrug.



Me Mariaan Klopper van Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling is een van drie mense in Suid-Afrika wat geakkrediteer is om SI-opleiding te verskaf. Sy is die Institusionele bestuurder van SI aan die NWU.

## 'n Eerste in die wêreld

Die NWU het onlangs die eerste en enigste universiteit ter wêreld geword wie se versoek toegestaan is om 'n streekskantoor vir Aanvullende Onderrig (Engels: Supplemental Instruction (SI)) te vestig in 'n land waar daar reeds 'n nasionale SI-kantoor is.

Boonop het me Mariaan Klopper van die NWU se Institusionele Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling-afdeling onlangs slegs die derde persoon in Suid-Afrika en een van net 14 in die wêreld geword wat as SI-opleier geakkrediteer is.

"Die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port-Elizabeth is reeds een van ses nasionale SI-kantore ter wêreld, maar omdat die NWU se SI-program so deeglik gevestig is en die Internasionale SI-Sentrum baie opgewonde was oor die werk wat ons hier doen, het die Internasionale Sentrum vir SI ingestem om 'n tweede kantoor in Suid-Afrika te vestig," sê Mariaan.

### So baat ons

Die vestiging van die SI-kantoor hou verskeie voordele vir die NWU in. Dit dra byvoorbeeld by om die Universiteit se visie om 'n toonaangewende universiteit te wees, te bevorder. Dit lewer ook 'n bydrae tot internasionalisering, wat een van die NWU se doelstellings is. Nog 'n voordeel is dat die NWU daardeur toegang kry tot die netwerk van kundigheid van die ongeveer 1 500 instansies in 29 lande waar SI aangebied word.

Mariaan se akkreditasie as opleier bring ook mee dat sy nou self SI-opleiding by die NWU en ook by ander instellings kan gee.



# NWU hys sy banier hoog by Comrades 2010

**MENIGE ALUMNUS** het waarskynlik die baniere van die Noordwes-Universiteit vroeër vanjaar by die Comrades-marathon langs die pad sien wapper.

Die baniere was deel van die NWU se veldtog om sy hardlopers by te staan met logistieke ondersteuning en motivering.

Die NWU wou daarmee ook doelbewus sy handelsmerk uitbou en die Universiteit se beeld as 'n diverse en innoverende universiteit met 'n wensportkultuur vestig.

Die NWU-hardlopers het uit personeel en klubatlete van die Universiteit bestaan. Hulle is deur die Visekanselier, dr Theuns Eloff, en die Institusionele Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge geborg.

As deel van dié borgskap het hulle sakke met NWU-sweetpakke, pette en borgwapens vir hulle hemde ontvang. Vyftien van die 19 hardlopers het uiteindelik die eindstreep oorgesteek.

Die span wat hulle ondersteun het, was verteenwoordigers van die drie kampusse en die Institusionele Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge.

## lets vir die pyn

Die ondersteunerspan het hul toewyding op 'n baie konkrete manier getoon. Hulle het 'n waterpunt opgestel by die Winston Park BP-petrolstasie – die 14:00-afsnypunt (31 km voor die einde).

Hulle het die atlete aangemoedig en gereed gestaan met enigiets van gekookte aartappels tot Voltaren-jel.

Verskeie oudstudente van al drie kampusse het die baniere raakgesien en party het kom hallo sê of gestop vir 'n bietjie bederf.

Die span het ook 'n Facebook-groep ter ondersteuning van die hardlopers geskep. Dit het verder tot die opwinding bygedra en die kollig weereens op die NWU-handelsmerk laat val.

Die Facebook-groep het daarop gefokus om die publiek en die hardlopers se gesinne op hoogte te hou van die gebeure deur middel van opgedateerde inligting en multimedia.



Mnr Louis Jacobs, Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, mnr Vincent Eastes van die Kantoor van die Rektor, Potchefstroomkampus, en me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Ontwikkeling, neem die ontwikkeling van die NWU-handelsmerk tot nuwe hoogtes.

## Kom loer in

Volgens mnr Louis Jacobs, Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, was die NWU se ondersteuningspoging vanjaar 'n groot sukses en wil hulle volgende jaar weer so maak.

“Ons sien al uit na volgende jaar se Comrades en wens die deelnemers sterkte toe met hul oefenprogramme.

“Ons het nou eerstehandse ervaring van watter enorme persoonlike uitdaging die Comrades vir hardlopers is. Ons kan hulle verseker dat die NWU hulle al die pad ondersteun.

“Alumni kan gerus laat weet as hulle ons vanjaar langs die pad opgemerk het.

“Hulle kan ook volgende jaar kom inloer waar hulle die NWU-baniere sien. Ons sal hulle graag wil ontmoet en ondersteun.”

# Spaanse gevoel HUIWER STEEDS langs die Mooirivier



**HOEWEL DIE** Potchefstromers al lankal 'adios, amigos' vir die Spaanse sokkerspan gesê het, bly daar steeds 'n Spaanse gevoel in die dorp.

Op pad na die NWU se Potchefstroomkampus lees die padbord: Luce Aldea. Dit dui die pad aan na die Sports Village waar die wêreldkampioene tydens die Sokkerwêreldbeker tuisgegaan het.

In die Sports Village pryk die foto's van die Spaanse sokkerspelers teen die mure in die onthaalarea en die personeel van die Sports Village herroep met nostalgie die 30 dae van die 'Spaanse Inval'.

Sit jy by die Sports Village se restaurant aan vir ete, is daar vandag 'n Spaanse dis op die spyskaart.

"Die Spaanse sokkerspan het hulle eie kokke saamgebring," vertel mnr Gideon Joubert, die hoofkok van die Sports Village.

"Ná die eerste week of twee het die Spaanse kokke egter net toesig gehou, terwyl ons kokke self die geregte voorberei het."

Op 'n dag, terwyl die Spaanse kok 'n calamari-gereg gemaak het, het Gideon die resep neergeskryf. Hier langsaan deel hy hierdie resep – een

van die Spanjaarde se gunsteling-geregte – met ons alumni.

Ná ete, terwyl jy straat-af huis toe stap, sien jy uit die hoek van jou oog die rooi van 'n flamenco-danser se rok agter die donker stam van 'n akkerboom in verdwyn. En iewers eggo die klank van kastanjette agter 'n heining.

Of dalk is dit net iemand wat iewers aan iets timmer, keer die werklikheid terug. Maar nee, wanneer 'n hadida laer af in die straat opvlieg, val selfs dié plaaslike inwoner se geroep half Spaans op die oor.

Dit klink behoorlik of hy "Olé!" skree toe hy opvlieg...

## Spaanse calamari-en-rys-gereg

### Bestanddele:

- ¼ koppie olyfolie
  - 1 ui, fyngekap (ongeveer ½ koppie)
  - 1 teelepel gekapte knoffel
  - ¼ koppie ontpitte olywe
  - 1 eetlepel tamatiepuree
  - ½ koppie witwyn
  - 2 koppies visaftreksel of water
  - 500g calamari-steak of -ringe (sonder deeg)
  - 1 koppie rys
- Sout en peper na smaak*

### Metode:

Voorverhit oond tot 180 °C.  
Verhit olie in 'n bakskottel. Braai die uie tot deurskynend. Voeg die knoffel en olywe by en braai vir twee minute.  
Voeg die rys by en roer deur totdat dit met olyfolie bedek is. Maak 'n mengsel van die tamatiepuree, wyn en water; voeg dit by die rysmengsel en verhit tot kookpunt. Voeg die calamari by en roer dit goed.  
Om stoom te laat vorm, bedek die bak met 'n deksel of met foelie. Sit die bak in die oond vir 35-40 minute of totdat die rys gaar is. Bedien warm.



# Sportsterre skyn HELDER

*Sport is steeds 'n kernsterkte van die NWU se nie-akademiese lewe. In 2010 het die Universiteit uitstaande sportprestasies behaal en weereens 'n hele klompie helder sportsterre opgelewer. Daar is heelwat meer, maar ons het hierdie paar voorbeelde uitgekies om vir u 'n kort oorsig te gee.*



Sunette Viljoen, kampioenspiesgooier van die Potchefstroomkampus, het vroeër vanjaar in Praag met 'n afstand van 66,38 m die Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord aan skerwe laat spat.

**DIE UNIVERSITEIT KAN**, op grond van sy prestasies op die sportveld, met reg daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

Om hierdie reputasie gestand te doen, het die Mafikengkampus se vrouetafeltennisspan en die Sokkerinstituut op dié kampus die Universteitsport Suid-Afrika-titel (USSA-titel) in 2009 gewen, terwyl die Potchefstroomkampus die kampioene was in rugby, atletiek, netbal en karate. Die Vaaldriehoekkampus was die USSA-krieketkampioen in die B-afdeling.

## Kleiner sportkodes

Sommige van die kleiner sportkodes wat op die Mafikengkampus ondersteun word, sluit in ju-jitsu, tafeltennis, boks, aërobie se oefening, pluimbal, sagtebal en liggaamsbou.

By die SA nasionale ju-jitsu-kampioenskap het die Mafikengkampus nege medaljes gewen, terwyl die vrouetafeltennisspan die algehele eerste plek by die USSA-toernooi behaal het.

By die USSA-bokskampioenskap het die Mafikengkampus se bokspan die derde plek behaal, met T Mosiane en A Mothlone wat goue medaljes

## Hy is 'n sokkerster in wording

Die NWU spog met 'n Rugbyinstituut en 'n Hokkie-akademie op die Potchefstroomkampus, 'n Krieketakademie en roeiklub op die Vaaldriehoekkampus en 'n Sokkerinstituut op die Mafikengkampus.

Sportlui van al hierdie institute het besonder goed gevaar in 2010. So het Andile Khumalo van die Mafikengkampus se Sokkerinstituut byvoorbeeld die eerste speler geword wat direk by die Instituut gewerf is deur 'n Premier-sokkerligaspan.

Dié twintigjarige middelveldspeler, 'n finalejaarstudent in Sportwetenskap, het 'n driejaarkontrak met die Durban-gebaseerde Amazulu FC onderteken.

Voordat hy in 2008 by die Noordwes-Universiteit en die Sokkerinstituut aangesluit het, het hy vir Newcastle United in KwaZulu-Natal gespeel.

Andile, wat ook saam met die nasionale o. 20-span geoefen het, het sy debuut gemaak tydens 2010 se Telkom Charity Cup-toernooi.

Regs: Andile Khumalo van die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus is 'n sokkerster in wording.





## Karatekas kap dit uit

Die karateklub op die NWU se Potchefstroomkampus vaar uitstekend en is reeds die afgelope 10 jaar die USSA-kampioene.

'n Hele paar spanlede het ook vanjaar die South African Karate World Federation (SA KWF) verteenwoordig tydens die internasionale Kanazawa-beker in Durban.

By dié toernooi het Sansha van der Merwe 'n goue, silwer- en brons-medalje gewen, terwyl Zilla Bruwer en Lizae Wessels albei met goud en silwer weggestap het. Hul spanmaats het vir 'n verdere nege medaljes gesorg.

Volgens hul afrigter, sensei Johan van Tonder, is die wenresep agter hul sukses die feit dat hulle hard, maar slim oefen.

Links: Zilla Bruwer is in 2009 as SA KWF-kumitekampioen bekroon. Sy het ook 'n tweede plek behaal tydens die Suid-Afrikaanse Alle Style-kampioenskappe en is tans die tweedegekeurde in die land.

verower het. Eersgenoemde is ook gekies vir die USSA nasionale span.

Die Kampus se aërobiese klub het deur die loop van 2010 sewe goue medaljes by verskeie toernooie verower, terwyl Katlego Tathebula vir die USSA nasionale pluimbalspan gekies is, en Lorato Bonokwana vir die USSA nasionale sagtebalspan.

### Die spiere bult

Die Mafikengkampus se liggaamsbouer, Thupayatlase Ontiretse, het goud gewen by die Internasionale Liggaamsboufederasie (Engels: IFBB) se nasionale kompetisie.

Ook op die Vaaldriehoekskampus vaar liggaamsbou baie goed. Percy Mosala is byvoorbeeld onlangs tydens die IFBB se nasionale kampioenskap in Durban as die wenner in die o. 60 kg-gewigsklas aangewys.

Dans is 'n nuwe sportsoort op die Vaaldriehoekskampus. Die dansspan – bestaande uit mans- en vrouestudente – het onlangs aan die USSA-kampioenskap in Kaapstad deelgeneem.

### Groot sportkodes

Een van die groot sportkodes op die Potchefstroomkampus is atletiek. Die Dreamveldt NWU-PUKKE atletiekklub het vanjaar talle prestasies van wêreldgehalte gelewer, met 12 atlete wat as Suid-Afrikaanse kampioene bekroon is. Tydens die USSA kampioenskap het die klub se atlete behoorlik koning gekraai.

In die sewentienjarige bestaan van dié kompetisie het die vrouespan die kompetisie nege keer gewen, die mans ses keer, en die span in geheel agt keer.

### Sunette seëvier

Spiesgooier Sunette Viljoen het in Oktober vanjaar 'n goue medalje by die Statebondspele in Nieu Delhi, Indië gewen. Spanmaat Justine Robbeson, die tweedebeste vrouespiesgooier in Afrika, het die bronsmedalje verower.

Dié is die eerste keer in die geskiedenis van die Statebondspele dat twee Suid-Afrikaanse spiesgooiers in dieselfde item medaljes wen.

In 2010 het Sunette boonop die US-SA-titel en die Senior SA titel verower.

Sy het ook die Afrika-kampioenskap gewen en 'n silwermedalje by die IAAF se interkontinentale byeenkoms in Split, Kroasië, verower. Sunette het vanjaar ook 'n nuwe Afrika-rekord opgestel.

Ander topatlete in die klub is Tumelo Thagan, een van die beste driesprong-atlete in die wêreld en Simon Magakwe, die vinnigste 100 m-atleet in Suid-Afrika. Twee van die klub se junior atlete het ook vanjaar uitblink.

Tazmin Brits (spiesgooi) het die junior SA titel verower, was tweede

tydens die senior SA kampioenskap en het die bronsmedalje gewen tydens die IAAF junior wêreldkampioenskap in Moncton, Kanada.

Gert Swanepoel, een van die wêreld se beste junior tienkamp-atlete, het twee nuwe junior SA rekords opgestel.

### Pale toe!

Wat groot sportkodes op die Vaaldriehoekskampus betref, het die NWU Vaal Rugbyklub se eerste span onlangs die Luiperds Rugby Unie se senior afdeling gewen.

Nege spelers het die Kampus op provinsiale vlak verteenwoordig. Vanaf 2011 sal die klub onder die vaandel van die Goue Leeus Rugby Unie speel.

Die Kampus se vrouesokkerspan, die Thunderbirds, neem aan die prestige Sasol-liga deel wat die hoogste liga is waaraan vrouesokkerspanne kan deelneem. Die mansokkerspan neem aan die Castle Liga en die SAFA Sedibeng Liga deel.

Ses krieketspanne vir mans neem in die kleure van die Vaaldriehoekskampus deel aan verskillende ligas.







**Dit baat** om die **NWU**  
jou **basiskamp** te maak



As ons dit vir die Spaanse span kon doen –  
**dink net wat ons vir jǒu kan doen**

- Een van SA se top-sportuniversiteite – Kampioen (USSA, A-afdeling) in sokker, rugby, atletiek, netbal en karate; kampioen (USSA, B-afdeling) in krieket.
- Vierdegrootste universiteit van 23 instellings in die land, met tweedegrootste afstandkomponent.
- Gefokusde navorsing en innovasie tot voordeel van gemeenskappe, met 116 Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers en 36 Suid-Afrikaanse patente, waarvan 7 ook in die VSA geregistreer is.
- Bekend vir die aflewering van goed afgeronde studente om aan die behoeftes van die bedryf te voldoen, met 659 meestersgrade en 123 doktorsgrade toegeken in 2009.
- Kragbron van akademiese kundigheid, met 'n voorgraadse slaagsyfer van 83,6% in 2009.



Noordwes-Universiteit: **Basiskamp** van die  
**Spaanse sokker-wêreldkampioene**

[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)

